HOËRSKOOL WATERKLOOF

Respek, Integriteit, Lojaliteit #LIG OP DIE HORISON

# KLOFIEKAN

www.klofies.co.za | klofies@klofies.co.za

UITGAWE 1 | 2022

Wenners van Beste nuusberig, Beste gebruik van video en Beste Covid-19 innovasie in Nasionale Netwerk24-skoolkoerantkompetisie 2021



## Mnr. en Mej. Waterkloof

Mnr. en Mej. Waterkloof: Chevanne Willemse en Guillaume Marais
- Fotograaf: Carla van Staden -

## Oorwinning is die definisie van hierdie produksie

Laureanne Geertsema en Mia van der Walt

*Veni, Vidi, Vici … I came, I saw, I conquered.* Hierdie woorde is 'n perfekte beskrywing van die skouspelagtige aand wat op 4 Maart 2022 plaasgevind het. Dit is beslis die hoogtepunt op Hoërskool Waterkloof se sosiale kalender.

Ons beeldskone finaliste het vanaf Oktober 2021 voorberei om die produksie werklik wêreldklas te maak. Elke finalis moes 'n aanhaling van oorwinning wat hulle daagliks motiveer, verskaf. Met hierdie persoonlike rede vir *veni vidi vici*, het die finaliste talle nuwe take aangepak. Hulle moes kort videogrepe van hulself maak en 'n hele klomp ingewikkelde danspassies aanleer. Die groepdanse, afgerig deur juf. Michelle Naudé, het die toeskouers se asems weggeslaan. Die deelnemers se loopplankwerk was foutloos en hulle het soos professionele modelle vertoon. Die kreatiewe afdeling se items het van komiese opvoerings tot begeleide sangitems gestrek. Nadine van Wyk met haar uitstekende dansitem, *Conquering darkness*, het in hierdie afdeling met die louere weggestap.

Een van die talle hoogtepunte van die aand was die gaskunstenaar Brendan Peyper! Deur die loop van die aand het hy die gehoor met sy treffers en stories vermaak. Die finaliste, uitgevat in skemerkelkiedrag en aandrokke en -pakke, het voorwaar geskitter. Toe die groot oomblik uiteindelik aanbreek, kon jy 'n speld hoor val, so stil het die gehoor vir die uitslae gewag. Ons beoordelaars: Anja du Plessis (van Zyl), Zak Burger, Rudolf Straeuli, Gerrit Pienaar, Monique Best, Gerald Steyn en Lee Visagie, wat almal kenners in eie reg is, het hulle uitstekend van hul taak gekwyt. Hulle het 'n fenominale werk gedoen om namens ons te kies wie nou eintlik die mooiste in Kloof is.

Mnr. en Mej. Waterkloof: ***Guillaume Marais en Chevanne Willemse***
Eerste prins en prinses: ***Zander Thirion en Tamlyn Wessels***
Tweede prins en prinses: ***Udét Momberg en Nadine van Wyk***
Beste kreatiewe item: ***Nadine van Wyk***
Mnr. en Mej. Fotogenies: ***Lorcan Faul en Nadia Nel***
Mnr. Persoonlikheid: ***Juanco Maritz***

Ons beeldskone finaliste het vir seker gekom, gesien en oorwin, en sodoende alle verwagtinge oortref. Baie geluk aan juf. Jean-Mari Redelinghuys, wat saam met haar span die hele produksie aanmekaar gesit en beplan het. Weer eens is onomwonde bewys: Waterkloof is wêreldklas…

Vir foto's van die aand, blaai na bl. 8.

# Matriekuitslae 2021: Kloof se slimkoppe doen dit weer!

Lize Erasmus en Mia van der Walt

**Nommer een en nommer twee posisie vir ons toppresteerders in Gauteng – vir 'n tweede keer in 'n ry.**

Die penne het geskryf, die blaaie het geblaai en na maande se bloedsweet en harde werk het Kloof se matriekgroep van 2021 Hoërskool Waterkloof se naam in die sterre graveer met hulle ongelooflike prestasies.

Hulle volg in die voetspore van dié wat voor hulle wit truie gedra en geesstokke rondgeswaai het en is Hoërskool Waterkloof se 32ste matriekgroep wat 'n 100%-slaagsyfer behaal het. 2021 was vir almal 'n jaar van hartseer en teleurstelling, veral vir hierdie matrieks wat deur twee Covid-vlae moes skoolgaan, twee geliefde onderwysers aan die dood moes afstaan en die realiteit moes aanvaar dat hulle drome van die perfekte matriekjaar ongelukkig net drome sal bly. Geen masker of kiem kon egter hierdie groep keer om die stilte te breek en hulle merk as 'n merkwaardige matriekgroep te maak nie.

Hoërskool Waterkloof is weer as een van die top-3-skole in Gauteng aangewys en het die tweede meeste universiteitstoelatingskandidate, op grond van getalle, in Gauteng. 779 onderskeidings is uit 'n groep van 316 kandidate behaal. Hulle spog met 'n gemiddeld van 72%, met ongeveer 2,47 onderskeidings wat per leerder behaal is. Twee van Kloof se matrieks het die nommer een en nommer twee posisies onderskeidelik as die toppresteerders in Gauteng behaal. Kristen Erasmus is as nommer een aangewys en Nadia Schmidt as nommer twee.

Op 21 Januarie 2022 het die matrieks bruingebrand teruggekom skool toe om hulle matriekuitslae te ontvang. Sommiges bewend van angs en sommiges opgewonde oor die uitslae. Een ding is seker: jy kry waarvoor jy werk, nie waarvoor jy wens nie, en die harde werk van elke matriekleerder het in hulle uitslae weerspieël. Uiteindelik het die matrieks van 2021 vir oulaas gegroet. Sommiges het na die geel, blou en wit boog, waar hulle as bang Druppels begin het, teruggekyk en ander het voor hulle gekyk na die belowende toekoms wat wag. Sonder enige twyfel sal die 2021-groep altyd Klofies bly, want die blou bloed hardloop sterk deur hulle are.

Ten spyte van al die uitdagings wat die matriekklas van 2021 in die gesig gestaar het, het hulle steeds sterk gestaan, hard gewerk en die stilte verbreek. Al is hulle Klofie-baadjies nou veilig weggebêre en hulle skoolskoene vol stof, sal die matriekklas van 2021 deur Hoërskool Waterkloof as 'n sterk en inspirerende groep leerders onthou word.



Kristen Erasmus: Toppresteerder in Gauteng
- Fotograaf: Miracles photography -



Nadia Schmidt: Tweede toppresteerder in Gauteng
- Fotograaf: Miracles photography -



Druppels - bl.6
- Fotograaf: Dané Bouwer -



Gr.10-veldskool - bl.7
- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -



Swem wen interhoër - bl.16
- Fotograaf: Vivienne Pio -


# Redakteursbrief

Dit is 'n nuwe jaar gevul met nuwe kanse, nuwe klasse en ons wat in die vierkant baljaar. Die kwartaal van liefde het vir ons soveel opwinding gebring - van Mnr. en Mej. Waterkloof, Slukjakkels by die Liefdeskonsert, tot by die sport en kultuur wat weer in volle swang is. Om nie eers te praat van al die babas wat in die Afrikaans Departement op pad is nie.

Dit voel soms asof die wêreld so vinnig draai dat dit ons soos 'n rondomtalie gaan afgooi, maar hou net styf vas; dis alles die moeite werd.

Kloof, julle is 'n fantastiese klomp mense. Sonder julle en julle interessanthede sou hierdie koerant nie bestaan nie. Onthou, as die hoërskoollewe 'n bietjie te erg raak, gaan sit net buite. Ons, nes plante, het sonlig, water en 'n bietjie liefde nodig.

Hierdie jaar het soveel wat sy vir jou kan bied, so gryp elke oomblik aan!






Redaksie 2022
- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -

# WENNER!



*Baie geluk aan Hannaleen Grobler wat die gelukkige wenner van die kontantprys vir die woordspeletjie in Uitgawe 3/2021 was. Indien jy R500 kontant wil wen, blaai na bladsy 13 vir die Klofiekan-blokraai!*
*- Fotograaf: Miracles Photography -*

## REDAKSIE

**Graad 12**
Jana Gous (Redakteur)
Ané Hartzer
Emma Lotriet
Niel Voges

**Graad 11**
Juan de Wet
Arnold Dippenaar
Handro Myburg
Vivienne Pio
Lyné Steyn
Anica Ueckermann
Lillian van Staden

**Graad 10**
Mia Appelcryn
Lize Erasmus
Laureanne Geertsema (adjunkredakteur)
Nandi Gous (adjunkredakteur)
Casey Robertson
Michaela Smith
Kayla Strydom
Suné van der Merwe
Mia van der Walt

**Graad 9**
Marni Botha
Je-Miné de la Rey
Nicolas du Plooy
Anja Maranta
Miné Naudé
Krige Steyn

**Onderwysers**
Alma van der Walt
Annuska Pretorius
Leandré Eksteen
Janneke Vahrmeijer
Gareth Harris

**Uitleg**
BlackSun Design

# Laat jou stem tel

Nandi Gous

**2022 is die jaar waar ou gewoontes terugkeer en nuwes begin. Een van hierdie nuwes is die huiswerkboekies wat die kosbare stoepstrokies vervang. Elke leerder benodig nou 'n handtekening van die betrokke onderwyser om die klas gedurende skooltyd te verlaat. Wat dink die Klofies hiervan?**

**Die volgende terugvoer is ontvang:**

- *Nee, ek glo nie dis 'n goeie verandering nie. Baie kinders het klaar hulle eie dagboeke gekoop en nou moet hulle altwee saamdra. Wat moet 'n mens doen die dag as jy dit vergeet? 'n Mens kan dan glad nie die klas verlaat nie, terwyl stoepstrokies in die klas beskikbaar is. Die handtekeninge in die dagboekies kan ook maklik vervals word. Ek dink die juffrouens moes net beter kontrole van hul stoepstrokies hou.*

**Lisa Janse van Rensburg (Graad 12)**

- *Nee, ek dink nie dis 'n goeie plan nie. Ek, en ek weet van baie ander, verkies eerder stoepstrokies, omdat dit baie makliker is om net op te staan, die ding te gryp, en te gaan. (In plaas daarvan om eers jou huiswerkboekie te soek en dan nog te wag dat die onderwyser teken.)*

**Wilmarie Nolte (Graad 11)**

- *Nee, die huiswerkboekstelsel is uiters pateties. Ek weet nie hoekom daar van ons verwag word om die boek elke dag saam te bring nie. Almal verloor dit in elk geval. Die leerders gebruik nie eers die boekies vir hulle huiswerk nie en maak eerder notas op hulle fone. Hoekom het ons dit nodig?*

**Tristan Ferreira (Graad 10)**

- *Ek dink nie dis 'n goeie idee nie, want dit neem tyd om dit in te vul. Die huiswerkboekies is nie soos die stoepstrokies klein genoeg om net in jou baadjiesak te pas nie. Daar is ook altyd die moontlikheid dat dit kan nat word terwyl jy jou hande was.*

**Jenilee van der Westhuizen (Graad 9)**

- *Ons graad 8-leerders se ervaring is tot die huiswerkboekopsie beperk. Dit is Covid-vriendelik, effektief en 'n mens kan dit nie verloor nie.*

**Nina van Wyk (Graad 8)**

Hoërskool Waterkloof

# Vra vir Susan!

***Susan kan gekontak word deur 'n anonieme brief by ontvangs in "Susan se boks" te plaas.***

***Liewe lesers, baie dankie vir al die vrae wat ontvang is! Van die vrae het ek gekombineer, so as jou vraag nie direk beantwoord is nie, verseker ek jou dat jy wel by die gegewe raad sal baat vind.***
***Groete, Susan***

***Liewe Susan***
*Ek is al vir 'n baie lang tyd enkellopend en romantiese dinge, soos Valentynsdag, is nooit vir my pret nie. Ek wil baie graag iemand vind om hierdie tipe feesvieringe saam met my te geniet. Ek is bang dat dit nooit sal gebeur nie en dat ek vir altyd alleen sal bly.*

**Liewe Anoniem**
Laat ek net sê dat dit nie die einde van die wêreld is as jy nie in 'n verhouding is nie, al voel dit soms so. Natuurlik is dit nie lekker om alleen te wees nie, maar jy sal beslis nie vir ewig alleen bly nie. In plaas daarvan om op die negatiewe te fokus, werk aan jouself sodat jy die beste weergawe van jouself kan word. Bring meer tyd met jou vriende en familie deur. In verband met Valentynsdag: onthou dat dit hoofsaaklik 'n geldmaakstorie is, wat gelukkig net een keer per jaar gevier word. Wees jou eie Valentyn en dan kan jy enige tyd 'n sjokolade van jou liefie kry, nie net op 14 Februarie nie.

***Liewe Susan***
*Baie van my vriende doen akademies baie goed, maar ek presteer glad nie. Is ek dom omdat ek nie goeie punte kry nie? Is daar enige wenke wat ek kan volg om beter te vaar?*

**Liewe Anoniem**
Jy is beslis nie dom nie! Ek het self daardie ervaring gehad en ek weet dit lyk altyd asof toppresteerders min op skoolwerk fokus en beter punte as jy behaal. Onthou dat jy nie noodwendig alles van buite af raaksien nie. Sommige mense, dink jy, leer min, terwyl hulle eintlik baie leer wanneer jy hulle nie sien nie. Party doen weer beter al leer hulle minder, omdat hulle meer in die klas oplet en werk vinniger snap. Wat ek geleer het, is dat jy jou vriende moet vra wat vir hulle werk. Wie weet? Dalk gee hulle vir jou 'n wenk wat jou met jou eie leerwerk kan help.

***Liewe Susan***
*My maatjie was nog altyd goed vir my, maar deesdae kom ek agter dat sy minder tyd met my wil deurbring en my beledig. Ek dink ook sy skinder van my. Ek het niks aan haar gedoen nie en ek weet nie hoekom sy so optree nie. Ek is baie lief vir haar en wil graag vriende bly. Wat moet ek doen?*

**Liewe Anoniem**
Dit klink ongelukkig nie vir my of sy enigsins meer 'n ware vriendin vir jou is nie. 'n Mens se vriende breek jou nie af nie, hulle bou jou op. Wanneer dit nie meer die geval is nie, is dit hartseer om te sê dat die vriendskap nie die moeite werd is nie. Jy moet met jou vriendin praat om seker te maak dat jy nie dalk die hele situasie misverstaan nie. As jy jou vermoedens bevestig het, kan jy haar voorspoed toewens en van die verhouding wegstap. Jy verdien dit nie om in 'n verhouding te wees met iemand wat jou nie respekteer nie.

***Liewe Susan***
*Ek is konstant besig met skoolwerk of skoolaktiwiteite. Ek het nooit meer tyd vir myself nie en dit voel of ek uitbrand. Kan jy my help?*

**Liewe Anoniem**
'n Goeie wenk is om elke dag 'n klein bietjie spesiale tyd vir die basiese dinge soos slaap, eet, en ontspanning in te ruim. Dit sal jou help om gefokus te bly en dit maak jou rustiger. Maak staat op die mense om jou! Daar is baie ander kinders wat nes jy voel. Glo my, soms is al wat jy nodig het, 'n paar ore wat na jou kan luister en 'n klompie gerusstellende woorde om jou beter te laat voel. As jy regtig sukkel, stel ek voor dat jy met die skoolsielkundiges hieroor praat. Hulle het baie ervaring hiermee en werk juis met kinders wat met uitbranding sukkel. Hulle sal die beste weet hoe om jou te help.

***Liewe Susan***
*My meisie het skielik, sonder rede, met my uitgemaak en ek kan nie ophou wonder wat ek gedoen het om dit te verdien nie. Dit laat my baie sleg voel en ek wil baie graag van die hele ding vergeet, maar ek kan nie. Wat kan ek doen wat my sal help?*


**Liewe Anoniem**
As jy nie weet hoekom sy met jou uitgemaak het nie, moet jy doodeenvoudig net met haar gaan gesels. Reël met haar dat julle iewers ontmoet en vra haar dan wat haar rede was. Sê vir haar hoe jy voel. As dit daarop dui dat jy dalk iets verkeerd gedoen het, vra om verskoning. Maak seker dat julle albei op 'n vreedsame wyse sê hoe julle voel. Moenie ontmoet as jy dink jy gaan jou humeur verloor of lelike dinge vir haar sê nie. Die doel is om vrede te kry, nie om haar so sleg soos jy te laat voel nie! As sy nie met jou wil praat nie, moet jy aanvaar dat die probleem by haar lê en probeer aanbeweeg.



# ONS VERWELKOM:

## Juf. Lené du Randt en juf. Riëtte Heyns

**Anja Maranta**


*Juf. Ulinda, juf. Lené en juf. Riëtte*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

Hoërskool Waterkloof verwelkom twee splinternuwe Afrikaansonderwysers.

**As Juffrou 'n kleur kon gebruik om Juffrou se persoonlikheid te beskryf, watter kleur sou dit wees?**
**Juf. Riëtte:** Blou; dis koel en kalm. Dit laat jou aan die see dink.
**Juf. Lené:** Definitief geel; dis vir my 'n baie sonnige en prettige kleur.

**Waarvan het Juffrou die minste op hoërskool gehou?**
**Juf. Lené:** Ek moet nou mooi dink wat om te sê; netnou kom ek in die moeilikheid by een van my oudonderwysers. Kom ons sê maar die kort pouses.

**Wat is Juffrou se stokperdjies?**
**Juf. Riëtte:** As sport 'n stokperdjie was, was dit natuurlik heelbo aan die lys. Ek hou ook daarvan om op mooi plekke te gaan stap.
**Juf. Lené:** Sing, teken, bergfietsry, fotografie en om nuwe plekke te verken.

**Watter doelwitte wil Juffrou graag by Kloof bereik?**
**Juf. Riëtte:** Ek wil 'n liefde vir my vakke kweek: Afrikaans, Geografie en Toerisme. Ek wil ook 'n pad saam met die Klofies op die sportveld stap.
**Juf. Lené:** Ek wil Afrikaans lekker maak sodat die leerders daarna uitsien om na hul Afrikaansperiode toe te kom.

**Enige raad wat Juffrou graag wil deel?**
**Juf. Riëtte:** Dit maak nie saak hoe hard jy val nie, solank jy net opstaan.
**Juf. Lené:** Moet nooit jouself verander om by 'n groep in te pas nie.

## Juf. Ulinda Human: haar bloed bly blou

**Vivienne Pio**

**As Juffrou een geskiedkundige gebeurtenis self kon beleef, wat sou dit wees?**
Die val van die Berlynse muur (9 November 1989). Ek dink dit was 'n groot partytjie!

**Wat is vir Juffrou die grootste verskil in Kloof vandat Juffrou terug is?**
Tegnologie. Scadsys en die inlees van afwesighede - dit is regtig wêreldklas.

**Uit al die vakke wat Juffrou kan aanbied, hoekom Geskiedenis?**
Ek het vir 20 jaar Tsepedi gegee tot die vak uiteindelik doodgeloop het. Daarna het ek Geskiedenis begin aanbied; ek is mal oor stories vertel.

**Wat is Juffrou se gunstelingonderwerp uit die Geskiedenis-sillabus?**
Die koue oorlog, ek glo dit kan maklik weer opvlam.

**Wat is Juffrou se mening oor die feit dat LO moontlik met Geskiedenis vervang kan word?**
Ek is daarteen. Sodra 'n vak verplig word, het kinders nie meer 'n passie daarvoor nie.

**Wat het Juffrou die meeste van Kloof gemis?**
Die gees en die kaperjolle. Ek het baie verby die skool gery en net gesien hoe besig julle is!

Ontmoet Hoërskool Waterkloof se nuwe Engelspersoneel. Met hierdie puik onderwysers sal ons skool se Engels Departement nog hoë hoogtes bereik!

**Marni Botha**

## Juf. Mignon Bezuidenhout

**Hou Juffrou van ons skool se baadjies?**
Ek glo die baadjies is 'n baie mooi tradisie en dit veroorsaak dat mense van buite ons leerders dadelik raaksien.

**Beskryf Juffrou in drie woorde.**
Passievol, energiek, ambisieus.

**Van watter Engelse slagspreuk hou Juffrou?**
*Today you are you, that is truer than true. There is no one alive who is Youer than You.* - Dr. Seuss

## Juf. Lize Coetzee

**Wat staan uit van Waterkloof wat ander skole nie het nie?**
Die feit dat die skool toekomsgedrewe en standvastig in geloof is.


*Juf. Mignon, juf. Annelize en juf. Lize*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

**Dink Juffrou ons skool is hoogmoedig?**
Nee, glad nie! Dit is 'n groot voorreg om 'n Klofie te wees; ek dink baie mense verwar hoogmoed met trots.

**Watter afdeling van Engels geniet Juffrou die meeste: letterkunde of taalleer?**
Ek hou daarvan om letterkunde te gee, want ek lewe myself in, in die voorgeskrewe boek. Ek geniet die kreatiewe skryfwerk ook baie.

## Juf. Annelize Vorster

**Hoe ervaar Juffrou Kloof se gees?**
Kloof se gees is absoluut fantasties! Ek kry hoendervleis elke keer as ek hoor hoe julle op die pawiljoen of by gradeopeninge en kaperjolle sing.

**Wat is Juffrou se gunstelingliedjie om na te luister op pad skool toe?**
Die liedjie wat ek luister wat my dadelik wakkermaak, is: *Turn down for what*, deur DJ Snake en Lil Jon of Armin.

**Watter Engelse slagspreuk staan vir Juffrou uit?**
*I would challenge you to a battle of wits, but I see you are unarmed.* - William Shakespeare

## Juf. Retha Hofmeyr

**Arnold Dippenaar**

Waterkloof is 'n topakademiese skool. Wat is die geheim? In terme van 'n wetenskapeksperiment: Onafhanklike faktor = Waterkloof se leerders, afhanklike faktor = akademiese prestasie, konstante faktor = uitmuntende onderwysers. Juf. Retha Hofmeyr se ervaring sal beslis Waterkloof se Rekeningkunde- en Ekonomie-onderskeidings deur die dak dryf. Sy het voorheen by 'n bank gewerk asook haar eie boekhoudingbesigheid gehad. As jy 'n graad 9-leerder is wat twyfel of jy Rekeningkunde en/of Ekonomie wil neem, kan jy vir seker weet dat jy in veilige hande sal wees. Juffrou Retha het 'n passie vir skoolhou en het ook 'n honneursgraad in Bemarking. Die vak wat sy die minste sou wou gee? Sy het nie juis 'n liefde vir die swartskaap van die finansiële drieling, Besigheidstudies, nie. Haar stukkie raad aan die Klofies is om nie te stres oor wat jy eendag gaan doen nie, want jy sal nog leer wat jy wil en nie wil doen nie.


*Juf. Retha en juf. Tanri*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

## Juf. Tanri de Witt

**Anica Ueckermann**

Juf. Tanri de Witt is van plan om Wiskunde weer 'n Kloof-gunsteling te maak!

**Watter groentesoort sal Juffrou as wapen gebruik?**
Ek sal beslis 'n wortel gebruik. Dit kan as 'n mes dien of jy kan iemand net hard daarmee gooi.

**Wat is een ding van Juffrou wat Juffrou se leerders sal verbaas?**
Ek is 'n ambisieuse skrywer en het tydens my skooljare in die eerste skaakspan gespeel. Ek het Sotho tot in my derde jaar op universiteit geneem.

**Wat is die vreemdste gesprek wat Juffrou al tussen leerders gehoor het?**
Daar is baie. Die een was tussen twee leerders wat beplan het hoe hulle een van die twee se jonger sussie/boetie die middag sou boelie.

**Wat is die laaste ding wat Juffrou *gegoogle* het?**
Ek wou kyk waar my Shein-bestelling trek.

## Juf. Carika van Dyk

**Kayla Strydom**

**Wat was Juffrou se eerste indrukke van Hoërskool Waterkloof?**
Wow! Ek was regtig oorweldig deur die diepte van die skool; dis 'n skool met 'n hart en karakter.

**Watter element op die periodieke tabel sal Juffrou wil wees?**
Koolstof, want koolstof is nie beperk ten opsigte van wat dit moet wees en met wie dit moet bind nie. Daar is soveel opsies. Dit hang af wat in sy omgewing is, wat hy maak.

**Van watter liedjie ken Juffrou al die woorde?**
Ek's maar vervelig. Ek hou van Laurika Rauch en sulke soort musiek. Ek ken *Gambler* van voor tot agter.

**Hoe lyk 'n tipiese Saterdagaand vir Juffrou?**
Saterdag is rugby-en-braai-dag in ons huis. Dit is deel van die pakket as jy met mnr. Van Dyk getroud is.


*Juf. Carika, mnr. Dewald en juf. Elizmari*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

## Mnr. Dewald Maré

**Nicolas du Plooy**

**As Meneer een ding gedurende verlede jaar se plundering wettiglik kon plunder, wat sou dit wees?**
Plundering klink steeds soos iets wat ek nie noodwendig sal wil doen nie, tensy ek soos Robin Hood kan wees. Steel by die skelms om die armes te help.

**Wat is Meneer se gunstelingpizza?**
Ek het op 'n straatmark in Europa kennisgemaak met 'n malvalekker, Nutella en spekulaas-pizza. #PizzaKanOokPoedingWees

**Wat was die onlangste TV-reeks wat Meneer gebinge het?**
Ek moet seker sê *Friends* en *The Office* of *Big Bang Theory*, maar "*The woman in the house across the street from the girl in the window*," was my laaste.

**As Meneer 'n WWE-stoeier was, wat sou Meneer se *stage name* wees?**
Iets wat die aankondiger sal frustreer ... iets soos *BoemtjakalakaTongueTwistKana*. Of: *The BigMcKingDonaldFCBurger and fries. #GelukkigWerkYouTubeBloopers*

## Juf. Elizmari Rootman

**Anica Ueckermann**

Net soos Newton se Tweede Beginselwet dat 'n voorwerp in rus, versnel in die rigting van die krag wat daarop inwerk, is juf. Elizmari beslis nie van plan is om te rus nie.

**As Juffrou 'n element ontdek, wat sal Juffrou dit noem?**
Omdat daar 'n element is met die naam Polonium, voel ek dat ham ook iewers op die periodieke tabel verteenwoordig moet word. Ek sal die element Hamonium noem.

**Wat is Juffrou se Wetenskap-*pickup line*?**
*Do you like science? Because I have my ion you.*

**Watter element op die periodieke tabel sou Juffrou wou wees?**
Curium, vernoem na Marie Curie, my rolmodel. Sy was die eerste vrou wat 'n Nobel Prys ontvang het.

# *In Gesprek* met Lourensa Eckard: oud-Klofie in die kollig

**Jana Gous**

"Probeer minder omgee oor wat ander van jou dink en wees net jouself," is goeie raad wat die bekende oudleerling, Lourensa Eckard, vir die Klofies gee. En sy behoort te weet. As verslaggewer en nuusaanbieder het Lourensa al groot suksesse in haar relatiewe kort loopbaan bereik. Sy is onlangs as die aanbieder van die program *In Gesprek* op KykNet aangestel, iets wat sy as 'n groot hoogtepunt beskou. Die Klofiekan het by hierdie gedugte joernalis gaan kers opsteek.



Lourensa Eckard
- Foto verskaf -

**As jy met enigiemand in die wêreld 'n onderhoud kan voer, met wie sal dit wees?**
Ek sal baie graag met die Chinese president Xi Jinping 'n onderhoud wil voer en vir hom vra wat sy buitelandse beleid werklik is en hoe hy die Weste beskou.

**Wat geniet jy die meeste van jou beroep?**
My beroep gee my die geleentheid om mense te ontmoet wat ek andersins nie sou ontmoet nie. Ek kry ook die geleentheid om oor die land, selfs soms oor grense heen, te reis om nuusgebeure te dek.

**Wie is die interessantste mens met wie jy al 'n onderhoud gevoer het?**
Dit is altyd vir my 'n voorreg om met mense te gesels wat 'n verskil in hulle gemeenskappe maak. Op die politieke gebied, sou ek sê dit is altyd uiters interessant om met Helen Zille te gesels.

**Wie was jou gunstelingonderwyser op skool?**
Ek het die mees fantastiese onderwysers gehad, maar ek sal vir juf. Linda Marais moet uitsonder, want sy het 'n liefde vir Afrikaans in my aangewakker.

**Raak jy senuweeagtig voor jy op kamera verskyn? Hoe berei jy jouself voor?**
Ek is altyd op my senuwees voor 'n uitsending. Ek glo die senuwees help my om gefokus te bly en verder maak ek net seker ek het die nodige voorbereiding gedoen.

**Wat is van jou beste herinneringe by Hoërskool Waterkloof?**
My lekkerste herinneringe is die geesvangsessies voor 'n groot sportgeleentheid, waar die hele skool op die pawiljoen toegesak het om te sing. Ek het ook baie lekker herinneringe oor my hokkieloopbaan en die tye wat ons as 'n span saam gehad het.

**Wat is jou planne vir *In Gesprek*? Enige toekomsdrome?**
My planne is om net vir nou my beste te gee en seker te maak dat *In Gesprek* van krag tot krag gaan. Ek wil seker maak dat ek in die hier en die nou leef.

**Wat is jou lewensmotto?**
Carpe Diem, gryp die dag!

**Het jy enige raad vir die Klofies?**
Moenie te hard probeer om *cool* te wees nie, dit is aanvaarbaar as jy anders is en as jy nie presies weet wat jy met jou lewe wil doen nie. Werk net hard, vind jou passie of iets waarvan jy hou en maak seker dit strook met jou waardes. Geniet ook elke oomblik, want voor jy dit weet, is jou hoërskoolloopbaan verby.

# Ons groet: Mnr. Herman de Jong

**Casey Robertson**

Mnr. Herman de Jong van die ondersteuningsdienste, het die groot stap geneem om saam met sy gesin na Adelaide, Australië, te emigreer.



Mnr. Herman de Jong
- Miracles Photography -

**Waarom verhuis Meneer juis na Australië?**
Vir die geleenthede vir my gesin. My twee jong kinders se toekoms is die hoofrede.

**Wat is Meneer se lewensmotto?**
My motto is: *short term pain, long term gain.* Baie mense wil vinnig oplossings vir probleme hê, maar betaal dan later die prys.

**Gaan Meneer steeds in Australië as sielkundige werk?**
Ek sluit by 'n privaatpraktyk in Adelaide aan en gaan ook verder studeer. Ek wil graag my eie praktyk begin.

**Wat het Kloof vir Meneer buitengewoon spesiaal gemaak?**
Die skool leef regtig die idee van: *work hard, play hard,* uit. Verder is my kollegas by die ondersteuningsdienstespan wonderlike en hardwerkende mense.

**Waarna sien Meneer die meeste uit?**
Om saam met die gesin te snorkel, te stap en calamari op die strand te eet.

**Wat is vir Meneer die moeilikste van die verhuising?**
Die oppak en die administrasie is kinderspeletjies. Die afskeid neem van familie gaan beslis baie moeilik wees.

## *ONNIE-PERSOONLIKHEID*

# Mnr. Muller van der Nest: 'n Bok vir gespesialiseerde sportsoorte

**Vivienne Pio**

Pa by die huis. Pa van gespesialiseerde sportsoorte. Pa van die matrieks. 'n Man wat die Klofie-slagspreuk: "'n Betrokke Klofie, is 'n gelukkige Klofie," ten volle uitleef. Mnr. Muller vertolk menigte rolle by die skool, maar het tussen sy besige skedule deur tyd gemaak vir 'n onderhoud, 'n koppie koffie en 'n hele paar lewenslesse!



Mnr. Muller van der Nest
- Fotograaf: Miracles Photography -

**Wat is Meneer se beste *dad joke*?**
Ek is eintlik verbied om grappe in die personeelkamer te vertel, want elke keer wat ek 'n grap vertel, moet ek e-posse skryf om verskoning te vra. Die beste grap, wat ek ook nie mag vertel nie, gaan oor die skeeloogdokter by die nuwe praktyk.

**As Meneer een dag oor het om te lewe, wat sal Meneer wil doen?**
Ek sal elke sekonde gebruik om vir my gesin te sê hoe lief ek hulle het.

**Wat is die storie agter Meneer se gehalveerde middelvinger?**
Ek probeer so vindingryk as moontlik wees met elke storie. Die regte storie is dat iemand gedurende my hoërskooljare die koshuisdeur toegeskop het terwyl my hand in die pad was. Die vinger is toe heeltemal vergruis, maar ek laat die situasie vir my werk.

**Wou Meneer nog altyd 'n onderwyser wees?**
Nee. Ek wou speurdiens toe gaan en het in 1994 aansoek gedoen nadat ek matriek geskryf het, maar dit het nie so uitgewerk nie. Mnr. Malan, een van my onderwysers, het toe onderwys voorgestel. Ek is glad nie spyt daaroor nie.

**Watter raad het Meneer vir die matrieks van 2022?**
Die Matrieks sal weet waarvan ek praat: leef elke week, elke dag asof dit jou laaste is. Ons het 'n houer vol albasters waaruit ons elke week een haal en wegskiet. Elke albaster simboliseer 'n week, dan moet die matrieks hulself vra: "Wat het ek met hierdie week bereik? Het ek dit gemors of het ek iets gedoen waarop ek kan voortbou?"

**Wat gee Meneer, as graadhoof, die meeste grys hare?**
Vermorste talent. Om 'n stoute kind te hanteer, is maklik, maar om te sien hoe party kinders hulle talente vermors en nie geleenthede aangryp nie, breek my hart. Ek wil graag hê kinders moet hulle volle potensiaal besef en weet hulle is tot meer in staat as om net matriek te slaag.


**Is daar vir Meneer enige iets erger as 'n kind wat sy IGO-sketse met pen teken?**
Ja, die ou wat nie sy IGO-sketse teken nie!

**Wat is Meneer se lewensleuse?**
*To teach players to tackle life like a game. Play honestly. Trust your teammates. Love what you do and accept what you cannot change.*

# Mnr. Dirko word pa

**Michaela Smith**

Op 2 Oktober 2021 is die Smuts-gesin met 'n pragtige babadogtertjie, Mila, geseën.



Mnr. Dirko en Mila
- Foto verskaf -

**Wat is haar gunstelingspeelding?**
'n Klein pikkewyntjie. Sy het so vyf van hulle. Altyd in haar mond.

**Beskryf die gevoel toe Meneer haar die eerste keer vasgehou het.**
Ek was onbeskryflik trots.

**Hoe het die nuwe bondeltjie vreugde julle uitkyk op die lewe verander?**
Ons uitkyk het glad nie verander nie. Ons maak wel seker dat ons meer goedhartig is sodat ons ook 'n goedhartige mensie grootmaak.

**Wat is die belangrikste waardes wat Meneer haar eendag wil leer?**
Dat haar selfvertroue nie deur ander bepaal moet word nie, dat sy haar eie opinies moet vorm en dat sy elke dag sal hou van die mens wat sy is.

# Langverwagte vreugde!

**Je-Miné de la Rey**

Juf. Tharina van Aarde se Zeruja-sonstraaltjie het haar opwagting in November 2021 gemaak met 'n glimlaggie wat harte laat smelt…



Juf. Tharina en Zeruja
- Foto verskaf -

**Hoe het Juffou op die naam Zeruja besluit?**
Ek wou haar graag na my ma vernoem. In Hebreeus beteken dit: "rusplek".

**Hoe het Zeruja Juffou se lewe verander?**
Sy het dit nóg beter gemaak! Ek geniet elke oomblik saam met haar.

**Wat is Juffrou se grootste wens vir haar?**
Dat sy die Here sal ken en haar talente sal gebruik om haarself te wees.

**Watter element op die periodieke tabel beskryf haar die beste?**
Neon, afkomstig van "neos" in Grieks, wat "nuwe begin" beteken. Dis ook 'n edelgas en soos sy, is daar niks méér perfek nie!

# Cute Couple

Krige Steyn

4 jaar, 48 maande, 1460 dae, 2102400 sekondes gelede het Johané en Udét mekaar gevind en is hulle werklik 'n paartjie wat in die hemel gemaak is!

**Waar het julle ontmoet?**

**Udét:** Sy was in graad 8 in my Rekeningkundeklas. Die een dag het sy in my Afrikaansklas kom toesig sit en my met uitveërs begin gooi. (Ek was geïrriteerd.) Daarna het sy my nommer by 'n gemeenskaplike vriend gekry en ons het begin gesels.

**Verduidelik hoe julle mekaar na vier jaar nog nie verveel nie.**

**Johané:** Aangesien hy nooit sy foon antwoord nie, is ons nie gereeld in mekaar se geselskap nie. Dit is dus onmoontlik om hom te verveel … al wil ek soms.

**Watter film of televisieprogram beskryf julle verhouding die beste?**

**Udét:** *Game of Thrones*, dit is soms 'n avontuur en ander dae wil ons mekaar vermoor…

**Johané:** *The Notebook*, maak nie saak waardeur ons gaan nie, ons sal altyd ons pad terug na mekaar toe vind.

**Wat is julle mooiste herinnering saam?**

**Udét:** Al die kere wat sy my kas reggepak het terwyl ek net sit en kyk.

**Johané:** Die Desembervakansie van 2021 by die see.



*Udét en Johané*
- Foto verskaf -

**Wat is die beste raad wat julle vir 'n paartjie sal gee wat deur 'n moeilike tyd gaan?**

**Udét:** Plan A: Soek aanhoudend vergifnis totdat sy jou vergewe – aanhouer wen!

Plan B: Hulle sê mos die pad na 'n man se hart loop deur sy maag; dit werk met sommige meisies ook.

**Johané:** Spasie en kommunikasie. Gee mekaar tyd om emosies te verwerk en af te koel voordat julle die probleem oplos. Onthou: dit is nie julle teen mekaar nie, dis julle teen die probleem.

## KLOFIE-PERSOONLIKHEID

# Armand Myburgh

Nandi Gous

**Hy is 'n man van aksie. Die man in vellies en kakie, deel van die befaamde boerbroers. Die man wat net tien minute het voor hy vir rugby moet hardloop … die enigste, Armand Myburgh.**

**Beskryf jouself in 15 woorde.**
Ek is 'n toegewyde persoon wat altyd ander wil help; 'n regte kuierdier.

**Wat is een ding wat jy baie graag sal wil doen?**
Ek wil graag toer en die wêreld sien.

**As jy enige drie mense kan ontmoet, wie sal dit wees?**
Trevor Noah, want hy's snaaks, Megan Fox, want sy's mooi en Dan Carter, want duh … dis Dan Carter.

**Wat is jou grootste rooigesig-oomblik?**
Seker tydens my graad 10-Valentynsbal. Ek het nog gedans toe die nate in die middel van my Chino regdeur skeur. Almal het die kans gekry om my kolletjies-en-strepiesonderbroek te bewonder.

**Waar sal 'n mens jou nooit kry nie?**
Enige plek alleen – ek is altyd tussen mense.

**Het jy enige snaakse gewoontes?**
Partykeer skree ek net vir die lekker. Ek wil nie eers weet wat ons bure van my dink nie…

**Wat maak jou kwaad?**
Mense wat ander afknou en boelie.

**As jy daagliks een ding vir die res van jou lewe moet eet, wat sal dit wees?**
Wel, pannekoek is die lewe. So, pannekoek.

**Wat is jou lewensleuse?**
*Hustle or get hustled.*

**Enige diep, donker geheime wat jy bereid is om met ons te deel?**
'n Goeie verhouding met die snoepietannie is belangrik. Dis al wat ek gaan sê.

**Wat maak jou die gelukkigste?**
As ek saam met die meisie is van wie ek hou.

**Watter raad het jy vir die Klofies?**
Sorg dat jy baie vriende op skool het, want dit maak die lewe makliker. Dit gaan nie oor wie jy is nie, maar oor wie jy ken.



*Armand Myburgh*
- Foto verskaf-

# Agter die lens van die kamera

Emma Lotriet, Casey Robertson

Die son is 'n warm bol vuur in die lug. Jou voete is seer van die hele dag se staan en jy het 'n masker-*tan* bygekry wat jare sal neem om weer te verdof. Jy hoor hoe die skare op die pawiljoen jubel en juig. Jy staan reg; jou hele lyf brand in afwagting. Daar lê ure se harde werk en fokus agter hierdie enkele oomblik ... meteens hoor jy die skoot klap! Jou hand beweeg vanself, 'n ingeoefende aksie wat net so deel van jou is soos jou naam. Jy het dit! Na die hele dag se gewag, intens gefokus, het jy uiteindelik die aksiefoto wat jy so nodig gehad het.

Of dit nou 'n foto is van 'n Druppeltjie wat gesig-eerste in die grond duik - of 'n foto van 'n elegante Klofie-dame wat by die loopplank afsweef - kan ons met sekerheid en trots weet dat Hoërskool Waterkloof se topklas fotograwe altyd daar sal wees om die oomblik vas te vang. Dié fotograwe is 'n groot aanwins vir ons skool se bemarking, en hulle help ons beslis om 'n topgehalte skool te bly. Vanaf die gesoute senior fotograwe tot die splinternuwe fotograwe-in-opleiding, is elkeen 'n meester in sy of haar veld en werk die span hard om 'n wye verskeidenheid foto's die lig te laat sien. Natuurlik is daar soms ongerieflikhede - soos onsekerhede oor kopiereg of om die perfekte aksiefoto in 'n swakbeligte lokaal te kry. Desnieteenstaande is elke skoot 'n wenskoot.

By elke atletiekbyeenkoms, rugbywedstryd, formele geleentheid, of selfs net tydens 'n gewone vierkantopening, staan daar 'n fotograaf om elke draai, gereed om seker te maak dat sy kamera teen die einde van die dag propvol pragtige, prettige foto's is.

Om deel van so 'n uitsonderlike span te wees, verg baie tyd, moeite en vasbyt, en 'n tien uur lange skof met 'n ruskans of twee tussenin, is nie vir enige persoon bedoel nie. Met al die harde werk wat hulle insit, kry hulle ten minste ook iets terug, hetsy 'n gratis kaartjie na 'n geleentheid, 'n peuselhappie of selfs net die ervaring. Daar is regdeur die jaar verskeie kompetisies waaraan die fotograwe kan deelneem om hulle passie sodoende uit te leef.

Temas word aan hulle verskaf en dit prikkel hulle kreatiwiteit behoorlik. Om 'n fotograaf te word, kan 'n ideale geleentheid wees om jouself beter uit te druk en om vir jou toekoms voor te berei en te beplan. Groot drome broei tussen die fotograwe en baie oorweeg dit selfs om in daardie beroepsrigting te beweeg. Om deel van hierdie span te wees, is net iets waarvan elke Klofie kan droom. Die leerders is nie net 'n span nie, maar 'n familie, en daar is altyd plek vir nog een.

Nuwe lede word altyd by hierdie knap span verwelkom. Jy hoef nie die nuutste kamera op die mark te hê om deel te word nie! Xavier Odendaal ('n senior fotograaf in matriek) sê dat enigiemand wat belangstel om deel van die fotografiespan te word, aanvanklik met sy selfoon kan foto's neem.

Agter die sukses van Waterkloof se vele spoggeleenthede en ander nuuswaardige oomblikke sit 'n baie knap span met kameras gereed vir daardie belangrike foto-oomblik...



*Kloof-fotograwe*
- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -

# Almal wil 'n slukkie wees!

Laureanne Geertsema

As die wolf spoeg, dan moet die jakkals sluk…

Hierdie bekende woorde maak al wat 'n Klofie is, erg opgewonde. Ons weet Hoërskool Waterkloof het hope talent, maar min wat so wild-waansinnig is soos hiérdie groep. Die groep bestaan uit Herman Reinecke en Hanco Kruger (beter bekend as die "shaker-broers") en "hoofseun" Martinus van der Merwe. Verder is dit "Die-Chris-die-Lowe-die-Chrislowe" Lotriet op kitaar en die man met die engelstem is niemand anders as Jeandré van Staden nie. Slukjakkals beweer dat dit definitief hulle *good looks* en die graad 8- en 9-meisies is wat hulle samekoms geïnspireer het. Vir Slukjakkals bestaan daar nie iets soos 'n "grootste aanhanger" nie, want almal wil eintlik 'n slukkie wees.



*Slukjakkals*
- Fotograaf: Megan du Toit -

Slukjakkals is self 'n baie groot aanhanger van mense wat van lang wandelinge op die strand hou en mense wat handelsmerkhemde dra. Hulle handgemaakte handelsmerkhemde sal binnekort weer beskikbaar wees wanneer die groep se toer afskop. Hulle Instagram-teenwoordigheid groei daagliks. Gaan soek net die groep se naam op dié sosiale mediaplatform, dan kan jy self 'n bietjie dophou wat hulle alles aanvang! 'n Hele paar harte is gebreek (om nie eers van die oordromme te praat nie) te oordeel aan die gehoor wat oorverdowend saamgesing het met die bekende liedjie, Lenie Blou. Party van die konsertgangers was in die wolke toe hulle die handelsmerkhemde, wat in die gehoor gegooi is, gevang het en dit huis toe kon neem. Slukjakkals het almal (met 'n uitbundige skaterlag) jubelend op hulle dansvoete gehad.

Die Klofies sien met groot verwagting na die volgende optrede van hierdie merkwaardige groep uit. Slukjakkals, julle is beslis 'n amusante klomp wat Kloof sal moet dophou. Dit is 'n feit soos 'n Noordwes-mielie: die woorde: "almal wil 'n slukkie wees," sal nog dekades lank op Kloof se stoepe eggo.

# Druppels

Marni Botha, Anja Maranta en Kayla Strydom

**Met hulle beffies, kaalvoete en oë op die grond vasgenael, het die nuwe Druppels hulle eerste hoërskoolervaring gehad. As jy vir die eerste keer as 'n gr.8-leerder by Waterkloof instap, is stilsit en hande vou nie 'n opsie nie – jy moet inspring en SWEM, DRUPPEL, SWEM!!!**

Vir die eerste keer nadat die gevreesde Covid-19-pandemie uitgebreek het, kon die Druppels weer 'n Druppel-kamp buite die skoolgronde meemaak. Die busse het vroeg by die skool opgedaag en die angsbevange, tog opgewonde Druppels na hulle bosveldbestemming geneem. Die bekwame Camp Discovery het ons gr. 8's behoorlik besig gehou. Daar was verskillende aktiwiteitstasies, onder andere planke waarop hulle moes balanseer, Kringetjies en Kruisies met koppies en terwyl van die Druppels hiermee besig was, het die res 'n heerlike wildrit geniet. Daar is geswem en natuurlik gesokkie!

Na 'n lang dag het ons skoolhoof, mnr. Chris Denysschen of soos die Druppels hom noem, Pappa D, die groep toegespreek. Tog was daar nie te veel tyd vir stilsit nie. Tweeuur die volgende oggend het die matrieks soos oudergewoonte gewys wie is baas en die arme Druppels se lekkernye gaan opraap. Die Druppel-lied, die Groet en ander geesvangliedjies is gesing. Na 'n vroeë oggend van "marteling" moes 'n hindernisbaan as kompetisie tussen twee spanne voltooi word. Ons wonder steeds wie die wenners was… 'n Blitsige kamp, vol avontuur, het tot 'n einde gekom en dit was terug stad toe met die Druppels.

Deur ontgroening moes die Druppels op die harde manier leer wat dit beteken om 'n ware Klofie te wees. Agter elke goeie Druppel-groep is daar 'n goeie admiraal. Ons het met die twee hoofadmirale, Clarissa Broos en Armand Myburgh, gaan gesels om 'n bietjie uit te vind wat agter die skerms gebeur het.

**Beskryf die Druppels in drie woorde.**
**Clarissa en Armand:** Arrogant en stout, maar oulik.

**Sou julle sê hulle is die beste Druppel-groep van Waterkloof?**
**Clarissa en Armand:** Nee, glad nie! Ons was beslis die beste Druppel-groep! Hulle kan die tweede plek kry.

**Het julle enige *inside jokes* gehad?**
**Clarissa en Armand:** "Korrels" en "Mini Lorcan".

**Wat was die hoogtepunt van die ontgroening?**
**Clarissa en Armand:** By die kamp het ons die Druppels 01:30 die oggend wakkergemaak om liedjies te sing. Presies 02:06 het die hoofseun gepraat en die Druppels vertel wat dit is om 'n ware Klofie te wees. O, en ook … om *sweeties* te steel.

Dit het dalk soos marteling gevoel, maar die ervaring sal eendag goue herinneringe wees. 2022-Druppels, julle is bevoorreg om 'n kamp te kon beleef!

Al die Druppels het op 25 Januarie finaal van hulle laerskole afskeid geneem toe die blou, wit en geel baadjies van Hoërskool Waterkloof vir hulle deur die matrieks aangetrek is. Hierdie hoendervleisoomblik - die baadjieseremonie - is 'n belangrike tradisie by Kloof.

Die Druppels is nou uiteindelik volwaardige Klofies! Terwyl die Druppels deur die boog geloop het, met die soet klanke van die orkes in die agtergrond, het hulle besef dat hulle deel van die Kloof-familie is. Hulle het die skoollied uit volle bors gesing om die geleentheid op die regte manier af te sluit. Die bekende RIL-effek: respek, integriteit en lojaliteit, is van die Klofie-waardes wat die Druppels beslis sal uitleef. Ons hou julle dop, Druppels. Maak Kloof trots!









- Fotograwe: Vivienne Pio en Carla van Staden -

# Liefdeskonsert '22:

## 'n Spesiale viering soos 'n fees in Spanje

Niel Voges



Aiden Thompson
- Fotograaf: Megan du Toit -



Anelle Theron
- Fotograaf: Megan du Toit -



Tamia Stanczyk
- Fotograaf: Megan du Toit -



- Fotograaf: Vivienne Pio -

**Op 10 Februarie 2022 het die Liefdeskonsert werklik die liefde in almal se harte gesteel. 'n Onvergeetlike aand van piekniek, talent en pret het definitief nie teleurgestel nie.**

Die gehoor is met 'n gesellige piekniek voor die boog gegroet, waarna hulle in die saal ingenooi is vir 'n konsert soos nog nooit vantevore nie. Die saal was onbeskryflik stylvol vanaf die rooi tapyte tot die sprankelende liggies wat oor die saalpilare gespan is. Dit was ook maar net-net genoeg om met die seremoniemeester, Jacques Bosman, kers vas te hou. Met die skitterende goue juweliersware om sy nek en sy skerp kommentaar wanneer hy op die verhoog verskyn het, het hy beslis tot 'n onvergeetlike aand bygedra. Die aand het, te danke aan die fantastiese klank van Wiehan Delafield en Kloof se klankspan, vlot verloop. Met elke item het die gehoor die voorreg gehad om nog 'n talentvolle Klofie, wat elke dag in hulle midde is, se talent te beleef. Dit was duidelik dat die gehoor vir so 'n konsert uitgehonger was en nie genoeg van elke item kon kry nie.

Daar was wel een item wat die aand op 'n definitiewe hoogtepunt afgesluit het en waarvoor die gehoor hulle harte oopgemaak het. Dit was Kloof se eie Spoegwolf; beter bekend as Slukjakkals. Daar was groot afwagting om hulle in aksie te sien en hulle het beslis nie teleurgestel nie. Hulle het selfs die hoof, mnr. Chris Denysschen, op die verhoog gekry om saam met hulle te partytjie.

Daarmee het die spoggerige aand tot 'n einde gekom. Na 'n konsert, soos 'n Spaanse fees, is elkeen met 'n glimlag op die gesig en geluk in die hart by die saaldeure uit. Die liefde vir die Liefdeskonsert het oorvloedig gegroei.



Juli Joubert
- Fotograaf: Dané Bouwer -

# Graad 10-veldskool

**Michaela Smith**

Soos die Klofies reeds weet, gaan die graad 9-groep jaarliks veldskool toe. Dit is soos altyd 'n groot lekkerte en almal sien daarna uit om vir twee dae iewers in die boendoes te gaan vuilraak. Hierdie jaar was dit egter 'n bietjie anders. Nie net was dit die graad 10's (2021 se graad 9's) wat gegaan het nie, maar die seuns en die dogters het die veldskool apart bygewoon. Dié skeiding was bittersoet, maar definitief die moeite werd omdat die meisies toe houtgerus hulle hare kon laat hang en nie omgee oor wat die seuns dalk mag dink nie. En die manne? Wel, kom ons sê maar net … hulle het die meisies nie te veel gemis nie. Die seuns kon die swemmery baie meer geniet, aangesien daar nou geen bekommernis was oor watter meisies hulle spiere bewonder nie.

Wat die aktiwiteite betref, het die Konka-personeel sekergemaak dat almal te alle tye besig gehou is. Aktiwiteite soos *zip-line, volleyball* en rotsklim het tot groot kompetisie en nog groter gees gelei. Die laaste dag se hindernisbaan het vir 'n voorseisoen van landloopoefening gesorg. Die graad 10's sal die veldskool en al die manewales wat daar plaasgevind het, nog vir baie lank onthou. Een ding is duidelik, die kamp het beslis die graad 10-groep van 2022 verenig en hegte vriendskappe is in die paar dae gevorm.









- Fotograwe: Janneke Vahrmeijer en Etienne Denysschen -





# Die Klofies kan beslis redeneer en argumenteer

**Nicolas du Plooy en Je-Miné de la Rey**

Het jy al ooit na 'n Mr Bean-film sonder die klankbaan gekyk? Dit is so duidelik soos daglig dat woorde krag dra. Dis tog immers hoe die Liewe Vader die wêreld geskep het. Redenaars is soos 'n oase vir mense wat vir woorde en argumente lief is. Of jy nou drie argumente vir jou ma moet lewer oor hoekom die toebroodjie in jou kosblik net so teruggekom het, of voor 'n gehoor van beoordelaars, ouers en onderwysers 'n toespraak moet doen, die Klofies het weer eens bewys dat hulle nie op hulle monde geval is nie.

Wie sê dis nie pret tydens die uitdunne nie? Daar is lekker in die mou gelag oor al die ondeunde en snaakse goed wat dié redenaar kwytgeraak het. Van: "Your destination is on your left, maar is dit altyd, Siri?" of "Daar bestaan geen gemiddelde tiener nie," tot *"Life is not about all the steps you have taken, or the places you have been, it's about the footprints you leave behind."* Nog een van die snaakse temas was: moenie jou krake toepoeier nie. Die volgende drie argumente het hierop gevolg: 1. Perfeksioniste is patete in *fancy* skoene. 2. Pluk jou houding, nie jou wenkbroue nie. 3. Krake kraai koning.

Die seniors se onderwerpe was: keuses, grense en maatstaf. Interessante interpretasies hiervan was die Bailie-tweeling se temas: "Grensloosheid is 'n broeiplek vir klein jakkalsies" en "Humor is die beste wapen wanneer teëspoed aan jou voordeur klop." Hier volg 'n paar van hulle sêgoed: "Lag en die wêreld lag saam met jou, snork en jy slaap alleen." "Om elke nou en dan 'n nat handdoek op te hang, sal nie breinskade veroorsaak nie." "Om die toiletpapier voor te laat afhang, sal jou nie minder van 'n man maak nie." Jayden en Nathyn Bailie, het gesamentlik as die wenners van die Afrikaanse afdeling geseëvier.

Dit wat redenaarsvaardighede tot jou lewe toevoeg, is van onskatbare waarde en sal beslis tot sukses in jou toekomstige beroepslewe bydra. Hopelik is daar volgende jaar nog meer Klofies wat hierdie geleentheid sal aangryp.



*English Juniors: Kayla Roos (gr. 9) en Kayla Borstlap (gr. 8)*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*



*English Seniors: Wilmarie Nolte (gr.11), Nathyn Bailie (gr. 12) en Nandi Gous (gr. 10)*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*



*Afrikaans Juniors: Kayla Borstlap (gr. 8) en Je-Miné de la Rey (gr. 9)*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*



*Afrikaans Seniors: Mia Appelcryn (gr.10), Jayden Bailie (gr. 12), Nathyn Bailie (gr. 12) en Jean Meiring (gr. 11)*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

# Filmresensie

**Mia Appelcryn**

## *Spiderman - No Way Home*

Die geliefde *Marvel Studios* het vanaf die eerste Avengers die hele wêreld op hete kole gehad. Die eerste *Spiderman*, gespeel deur Tobey Maguire in 2002, was 'n groot sukses. Toe volg die alombekende Andrew Garfield, en nou almal se gunsteling en elke meisie se nuwe *celebrity crush*, Tom Holland in *Spiderman – Homecoming* (2017). Die eerste film was so suksesvol dat nog twee gevolg het. *Spiderman - Far From Home* in 2019 en nou uiteindelik die een waarvoor almal gewag het: *Spiderman – No Way Home.*

Jon Watts (40) was die regisseur. Net voordat *Marvel Studios* hom genader het, het hy op beide musiekvideo's en filmstelle gewerk. Hy is bekend vir die flieks *Cop Car* en *Clown.* Toe word hy deel van *Marvel Cinematic Universe.* Met twee ongelooflike suksesstories saam met *Spiderman*, is hy weer gevra om nog een storie te skryf.

In die film vertolk elke akteur sy rol uitstekend. Tom Holland vertolk die rol van Peter Parker (*Spiderman*) 'n 18-jarige seun van Brooklyn New York, wat die wêreld op sy skouers dra. Sy hele lewe word deurmekaar geskommel nadat sy ware identiteit verklap word. Almal is vir hom kwaad, want hoe kon hy Mysterio vermoor? Dis egter die probleem; hy het nie! Hy wil net weer teruggaan na sy ou lewe van *friendly neighbourhood Spiderman.* Hy vra dr Steven Strange, vertolk deur Benedict Cumberbatch, om hulp. Alles loop skeef en die gevolge is verrykend.

Saam met sy twee beste vriende, Ned Leeds en MJ, onderskeidelik gespeel deur Jacob Batalon en Zendaya, moet hulle saamstaan om 'n groot katastrofe te voorkom. Tom het sy eerste verskyning in 2017 op die skerm gemaak en sal nou tot in ewigheid almal se gunstelingspinnekop wees. Is hy regtig egter die enigste spinnekop wat sy verskyning maak? Jy sal maar moet wag en sien. Gaan kyk gerus na die film - nou by jou naaste teater vanaf R98.00 per kaartjie. Dit is vermaak vir die hele gesin en geskik vir 'n vyfsteruitstappie!




# Musiekresensie


**Lize Erasmus**

## *30 – Adele*

Adele het weer eens haar hartseer in 'n rustige, roerende en realistiese wonderstuk omskep wat die wêreld se asem weggeslaan het.

Ten spyte van haar wêreldbekende en bekroonde albums van die verlede, word "30" beskou as die beste album wat sy nóg vrygestel het. Met 'n emosionele rouheid en kwesbaarheid vertel sy 'n storie van haar stryd met liefde en selfaanvaarding na 'n liefdesteleurstelling. Sy motiveer en inspireer mense om die stukkies van hulle harte weer bymekaar te maak en teen hulle eie pas te leer hoe om weer lief te hê. *Strangers by Nature, Easy on Me* en *Cry Your Heart Out*, is maar net drie van die twaalf pragstukke op die lys. "30" verdien beslis al die eer wat dit toekom en is 'n album vir die boeke.

Wanneer die lewe jou laat struikel en die liefde jou laat val, onthou dan Adele se woorde: *"Cry your heart out, it'll clean your face. When you're in doubt go at your own pace."*







# 2022 Mnr. & Mej. Waterkloof




















- Fotograwe: Carla van Staden en Marli Viljoen -

# Valentynsbal









- Fotograwe: Janneke Vahrmeijer en Carissa Photography -

## SPOTPRENT

Kunstenaar: Suné van der Merwe




Antwoorde:1)C; 2)F; 3)A; 4) B; 5)I; 6)D; 7)E; 8)J; 9)G; 10)H

# Engels: Huistaal vs Eerste Addisionele Taal

**Handro Myburg, Miné Naudé**

*To be or not to be?* Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal? Engels is ‘n noodsaaklike vak (teenstrydig met die algemene opvatting), juis omdat dit ons kommunikasievaardighede op sosiale, ekonomiese en politieke vlak bevorder.

Ons gebruik taal om ons unieke identiteit en kreatiewe idees oor te dra en ‘n bydrae in die samelewing te maak. Deur tale in die skool te leer, ontwikkel jou taalvaardighede om ‘n vaste begrip oor die konteks en die gebruik van taalstrukture en -konvensies te vestig.

**ENGELS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

Engels Eerste Addisionele Taal (English First Additional Language of EFAL) fokus op die basiese taalvaardighede wat leerders nodig het om die Engelse taal suksesvol in konteks te gebruik, dus om te kommunikeer en inligting op ‘n gepaste wyse te interpreteer. Beide jou kritiese en kreatiewe denke word deur die standaardkurrikulum van Engels FAL bevorder. Dit stel jou in staat om dié kennis oor die taal in die alledaagse lewe tot jou voordeel toe te pas. Onderwysers gee spesifiek aandag aan mondelinge werk en moedig leerders aan om deur middel van skryfwerk, visuele werk en mondelinge praatjies deel te neem. Indien jy Engels Eerste Addisionele Taal as vak neem, sal jy al die nodige kennis opdoen om vloeiend Engels te lees, te praat en te skryf. EFAL bied jou ook ‘n soliede basis om by internasionale universiteite te kan studeer.

**ENGELS HUISTAAL**

English Home Language bied ‘n geleentheid vir die leerders wat op soek is na ‘n groter uitdaging en om Engels op ‘n hoër vlak te bemeester. Dié vak stel leerders bloot aan ‘n groter verskeidenheid literatuur en poësie, wat meer in diepte behandel word as by FAL. Die bevordering van kritiese denke is ook van uiterste belang in die HL-klas. Engels Huistaal is dus perfek vir diegene wat belangstel in die drama-, prosa-, poësie- en skryfwerk. Enige iemand wat ‘n beroep in die kunste, onderwys en regte oorweeg, sal daarby baat vind.

Of jy nou Huistaal of Eerste Addisionele Taal kies, almal gaan iewers in hulle lewens Engels nodig kry ... dit is tog die universele taal. Albei keuses het en verdien ‘n plek in die skoolkurrikulum. Dit is uiters belangrik dat elke leerder die regte vak volgens sy of haar behoeftes kies.

# Akademiese wegbreek vir die naguile

**Miné Naudé**




*Van Kloof se toppresteerders op die akademiese wegbreek*
*- Fotograaf: Minnie Thom -*

Dit was beslis tyd dat die akademiese toppresteerders agter hulle berge boeke uitkruip om weer die buitelug in te asem en die gevoel van groen gras onder hul tone te beleef. Vroeg die Saterdagoggend het die toppresteerders vanaf Hoërskool Waterkloof se terrein op ‘n prettige avontuur vertrek.

Na die stamperige busrit was die leerders meer as gereed om hulle bene by die Vulpro Rehabilitasiesentrum (‘n aasvoëlhawe) in Hartebeespoortdam te rek. Dié merkwaardige roofvoëls word onder die Vulpro-organisasie se beskermende vlerk geneem wanneer hulle nie meer op hulle eie in die natuur kan oorleef nie. Die organisasie streef daarna om mense bewus te maak en in te lig oor die gevare wat roekelose menslike aktiwiteite op die aasvoëls het. Uitgebreide navorsing op die verskillende aasvoëlspesies stel Vulpro in staat om deur middel van hulle spesiale broeiprogram toekomstige aasvoëls veilig in die natuur vry te laat en die bedreigde populasie te herstel.

Oxwagon Lodge het die Klofies met ope arms verwelkom. Jy hoef nie ‘n skitterende Wiskundepunt te behaal om jou eerste bestemming as die swembad te merk nie. Die leerders het met ‘n nuutgevonde huppel in hulle stap bymekaargekom om die bekende oud-Klofie, dr. Marelize Everts, se geheime resep vir sukses aan te hoor. Dr. Everts het haar graad by die Universiteit van Pretoria verwerf en haar loopbaan as meganiese ingenieur en senior professor by dié universiteit met blink trofeë versier. Die talle toekennings weerspieël haar suksesverhaal; leerders en onderwysers se oë het in verwondering gerek toe sy aan die woord was.

Die volgende verrassing het die graad 8’s van 2021 (tans die graad 9’s) met angs gevul. Hulle moes ‘n toneelstuk, met sekere uitdagende voorskrifte van die ouer grade, opvoer. Gelukkig was dit ‘n groot sukses en die Klofies kon hulle aandete en vrye tyd ten volle geniet. Akademiese toppresteerders is professionele naguile wat op die vreemdste tye van die nag gaan slaap … of dit nou is om vir toetse te leer, of om op die koue teëlvloer van ‘n lapa te lag en gesels.

Die volgende oggend, met ‘n smullekker ontbyt in die maag en ‘n inspirerende boodskap van mnr. Denysschen, het die leerders op die busse huiswaarts vertrek. Hierdie heerlike uitstappie is ‘n bewys dat harde werk beslis op die beste manier beloon word - die Klofies werk hard, maar kan ook net so hard speel.

# Hulle is so lekker, want hulle lees so lekker

**Nandi Gous**

Die feit dat die Klofiekan so verslind word en warm van die pers af opgeraap word, wys dat ons leerders van lees hou. Ons het ‘n opname gemaak om te sien watter boeke op die Klofies se boekrakke pryk.

Op die vraag oor die gunstelinggenre, het die grootste persentasie Klofies Wetenskapfiksie verkies. Dit sluit wêrelde groter as jou ma se teleurstelling oor jou eksamenpunte, alternatiewe lewende wesens en natuurwette sonder beperking in.

Van lekker skrik kom lekker lees, of hoe lui die spreekwoord? Wel, wat dit ook al is, die Klofies glo blykbaar dat ‘n mens ‘n bietjie vrees nodig het om nou regtig lekker te lees. Die meeste leerders het geantwoord dat Stephen King, die beroemde *IT*-outeur, hulle gunstelingskrywer is.

Interessant genoeg is 96% van die boeke wat deur die Klofies gelees word, Engels. Dit lyk soos ‘n algemene neiging onder die tieners om eerder Engelse, as Afrikaanse boeke te lees. “Dit voel net asof baie Afrikaanse boeke vir ander generasies geskryf is. Die skrywers gebruik woorde waarvan niemand meer die betekenis ken nie, of hulle probeer so hard om soos tieners te klink, dat hulle die pot heeltemal mis sit,” sê Jana van der Merwe, iemand wat haarself as ‘n trotse boekverslaafde beskou. Natuurlik is daar niks verkeerd met Engels lees nie, selfs al sal die Afrikaansonnies hulle neuse vir jou optrek. Moet egter nie bekommerd wees nie, Kloof; solank as wat julle lees, maak julle die Klofiekan-redaksie trots.

Jy voel dalk ‘n bietjie oorweldig met al die opsies. Wees gerus, want die Klofie-lesers het ‘n paar voorstelle vir jou:

Vir daardie romantiese dromer, is die algemene konsensus dat *It Ends with Us* deur Colleen Hoover die gat in jou hart sal vul. Vir die avonturier, is *Alex Rider* deur Anthony Horowitz, blykbaar ‘n goeie begin. En as jy nou soos die meeste van ons lesers van fantasie hou, hoef jy nie verder as Sarah J. Maas se *Throne of Glass* te soek nie.


Natuurlik kan jy ook nooit met ‘n goeie *Harry Potter* verkeerd gaan nie. Dit is verreweg die reeks wat ons Klofie-bevolking die meeste lees.


As ons nou van Afrikaanse boeke wat meer lof verdien, praat, sal die Klofies sê dat dit die *Maasdorp*-reeks deur Stella Blakemore is: ‘n kykie in die wêreld van hoofmeisie Kobie en haar koshuismaats. Moet jou nie deur die outydse omslag laat afsit nie, die boek is tydloos.


Die gevoel wat jy kry wanneer jy die laaste reël van ‘n goeie boek lees, is onvergeetlik. Dit voel asof jy ‘n goeie vriend verloor het.

Kloof, tel ‘n nuwe boek op en ontdek ‘n nuwe vriend.









# Gruwel en gril … of lekker en jil? Kospakkies by Waterkloof

**Laureanne Geertsema en Je-Miné de la Rey**

Van Marmite-toebroodjies tot fênsie klein Woolies-fieterjasies… Kosblikke word tot oorlopens toe volgeprop om tog net elke tiener se bloedsuikervlakke so ver as moontlik stabiel te hou in geval daardie monstertjie wat binne skuil, besluit om sy verskyning te maak. Niemand maak ‘n ophef daarvan nie, maar almal koekeloer so in die verbyloop. Hier volg ‘n paar interessanthede wat die Klofiekan in sekere Klofies se kosblikke gevind het: Liefdesbriefies van ‘n Druppel-mamma vir wie boetie nog steeds haar hart se punt is. “Haaskos” oftewel wortelstokkies en komkommerringetjies met blare wat by die kosblik uitpeul. Saamgeflanste oorskiet van die afgelope paar aande se wegneemetes, en laaste, maar beslis nie die minste nie, die grondboontjiebotter-en-strooptoebroodjie met die afgesnyde korsies waarop elkeen heimlik jaloers is. Daar is nog talle ander drogverskynsels wat in die Klofies se kosblikke wegkruip - nie almal ewe oud nie - maar daar kan met sekerheid gesê word dat die kosblikke by Hoërskool Waterkloof in ‘n klas van hulle eie is!

# ‘n Presterende vlam onder akademiese water

Anica Ueckermann, Lillian van Staden en Juan de Wet

Almal het al gewonder of die druk die moeite werd is. Die kort antwoord is: “nee”, die lang antwoord is: “soortvan”.

**Is die druk die moeite werd?**

Die Klofiekan-span het d.m.v. vraelyste ondersoek ingestel oor die eeueoue vraag: “Is die druk die moeite werd?”

Uit die navorsing is die volgende gevolgtrekking gemaak. As leerders meer druk op hulself plaas, het hulle punte met ‘n klein persentasie gedaal. Dit word beaam in ‘n artikel in *Insider*, jy kan slegter slaap en minder na jouself omsien as jy te veel druk op jouself plaas. Omdat jy dan dink dat jy nie genoeg druk op jouself plaas nie en dan nog harder probeer werk, mag jy swakker presteer.

Leerders wat meer druk van hulle ouers ontvang het, het oor die algemeen ‘n klein bietjie beter presteer. Volgens ‘n artikel in die *National Post* is ‘n matige hoeveelheid druk van ouers baie goed vir kinders. Dit kan help dat hulle georganiseerd bly en hard leer. Te veel druk van ouers is egter steeds sleg en kan tot verskeie sielkundige probleme lei.

Uit die data kan afgelei word dat om harder te werk nie noodwendig beter punte verseker nie. Volgens ‘n artikel in *Stunning Motivation* is dit ‘n mite dat harde werk jou sal laat presteer. Harde werk is belangrik, maar jy moet die regte aspekte prioritiseer. Die skrywer, S. Lim, skryf oor Pareto se 80/20 beginsel: 80% van jou resultate kom van 20% van die werk, en 20% van jou resultate kom van die ander 80% van die werk. Die belangrikste is om op die 20% van die werk wat die meeste tel, te fokus.

Uit die vraelyste was dit duidelik dat leerders goed wil presteer. 59% van die leerders het ook gevoel dat onderwysers te veel druk op hulle plaas. Is die druk die moeite werd? Dit hang af. Te veel druk van jouself af is sleg, terwyl ‘n matige hoeveelheid druk van ouers en onderwysers af, definitief voordelig is.

**Uit die oogpunt van die onnies**

Onderwysers plaas meestal gesonde druk op leerders en is ook by die waarneming van gevaartekens van uitbranding betrokke.

Alhoewel sommige onderwysers volgens die vraelyste erken het dat hulle soms te veel druk op leerders plaas, het die meerderheid gemeen dat hulle leerders slegs wil aanmoedig om te presteer. Onderwysers probeer om leerders te motiveer en vir matriek voor te berei. Gesonde druk help leerders om te ontdek waartoe hulle in staat is en vertroue in hulle vermoëns te ontwikkel. Die invloed van die druk hang van die individu af. Sommige leerders het ‘n mate van druk nodig om gemotiveerd te wees en te presteer, terwyl ander onder die spanning knak. Die druk wat onderwysers op leerders plaas, is slegs ‘n manier om leerders aan te moedig om hul volle potensiaal te bereik. Ongelukkig kan die druk wat leerders op hulself plaas, tesame met die druk van onderwysers, tot uitbranding lei.

Onderwysers kan leerders wel tydens uitbranding ondersteun. Ons onderwysers het hope raad gegee oor hoe hulle leerders sal help as hulle gevaartekens van uitbranding waarneem. Deur ‘n atmosfeer vry van oordeel te skep, kan die leerders gemakliker voel om oor hulle probleme en emosies in die onderwyser se teenwoordigheid te praat. Sodra daardie vertroue tussen die leerder en die onderwyser geskep is, sal die leerder meer gewillig wees om die onderwyser se raad te volg. Die onderwysers kan die leerders aanmoedig om die skoolsielkundiges te besoek. Deur die leerder se geestesgesondheid te prioritiseer, kan onderwysers die leerder se vordering en terugslae waarneem en hanteer.

As jy ooit in ‘n situasie beland waar jy voel dat die druk van onderwysers te veel is, bespreek dit met hulle. Die onderwyser sal jou beslis nie ignoreer nie, en die kanse is goed dat julle tot ‘n oplossing met wedersydse voordeel sal kom. Onderwysers speel ‘n groot rol in die verligting van uitbranding. Onthou net dat die druk van onderwysers somtyds noodsaaklik is om deur die jaar se werk te kom.

**Wat is uitbranding en hoe voorkom ‘n mens dit?**

Het jy al ooit met jou hande in jou hare, trane in jou oë en motivering by die drein af, voor jou Wiskundeboek gesit? As hierdie vraag soos ‘n persoonlike aanval voel, dan het jy tien teen een al uitgebrand.

**Uitbranding** word gedefinieer as die verskynsel waar ‘n individu weens ooreising nie meer kan presteer nie. Dit is gewoonlik die gevolg van ‘n onhanteerbare hoeveelheid fisiese of emosionele stres. Dit is ‘n ernstige kwessie wat sy kloue in ons eie skool inslaan. Volgens die vraelys het ongeveer 75% van die Klofies al op een of ander stadium uitgebrand.

**Hoe kan jy dit voorkom?** Moenie jou limiete oorskry nie. Identifiseer wat jou sterk- en swakpunte is, en stel realistiese doelwitte op wat binne jou bereik is. Jy kan uitbranding voorkom deur in die klas op te let en te verseker dat jy op datum bly. Gevolglik sal jy minder hoef te leer en jou leerwerk slegs voor assesserings hersien. Jy kan daagliks die werk wat tydens klas behandel is, hersien om te voorkom dat jy onredelike hoeveelhede werk moet afhandel. Stel skedules in plek wat jou toetsdatums bevat en projekte in hanteerbare deeltjies oor ‘n langer tydperk uitsprei. Sluit ontspanningsaktiwiteite by jou skedule in. Sit daagliks 15 minute opsy waartydens jy iets doen wat jou gemoedstoestand positief beïnvloed.

Dit is belangrik dat jou ouers nie onnodige druk op jou plaas nie, maar dat hulle jou eerder ondersteun. Ouers moet realisties oor hulle kind se vermoëns en belangstellings wees.


Alhoewel niemand dit wil hoor nie, is daar ‘n rede waarom daar gereeld klem op die belangrikheid van ‘n gesonde leefstyl gelê word. Jou brein kan nie optimaal funksioneer wanneer jy nie die aanbevole hoeveelheid ure slaap nie. Prioritiseer jou gesondheid en ontwikkel ‘n gesonde slaappatroon. Volg ‘n gebalanseerde dieet, kry genoeg vars lug en oefen gereeld.


Identifiseer die gevaartekens en spreek dit aan. Ouers en onderwysers speel ‘n belangrike rol in die waarneming van moontlike gevaartekens. Gesigsuitdrukkings, lyftaal en die houding van die individu moet dopgehou word. Leerders se gedrag ontbloot maklik wat hulle emosionele welstand is. Leerders wat uitbranding bereik, is geneig om ‘n drastiese verandering in gedrag te toon. Die meerderheid sal teruggetrokke raak, geen aandag in die klas gee of enigsins belangstel in onderwerpe of aktiwiteite waaroor hulle voorheen passievol was nie. Uitbranding lei gewoonlik tot angstigheid, buierigheid, of aggressie. Leerders verstaan nie meer basiese konsepte nie, skryf vreemde antwoorde neer en raak agter met klaswerk.


Onthou: JOU GESONDHEID IS BELANGRIKER AS JOU PRESTASIES! Aanvaar jou teleurstellings, bly gemotiveerd en gaan voort om jou doelwitte na te jaag. Moenie bang wees om te erken dat jy soms ‘n lewensredder nodig het nie.


**Geestesgesondheid en hoe om uitbranding te hanteer as jy reeds daarmee sukkel:**


Die eerste stap is om jou toestand te identifiseer. Algemene simptome is: geïrriteerdheid, moegheid ten spyte van genoeg slaap, slapeloosheid, verandering in eetlus, onttrekking en emosionele uitbarstings.




Om te herstel, moet jy ‘n tree terug neem. Bly by ‘n vaste roetine; dit is een van die beste maniere om skoolwerk te hanteer sodat jy nie uitbrand nie. Vra hulp en aanvaar hulp. Hersien jou doelwitte en roetine. Wees realisties. As jy eers uitgerus is, sal jy meer gemotiveerd voel.

Die werklikheid is dat leerders te vroeg uitbrand as gevolg van te veel druk. Die Kloof-sielkundiges sien ongeveer 10% van die leerders in Hoërskool Waterkloof, waarvan omtrent die helfte daar is a.g.v. akademiese uitbranding of druk.

**Raad met ‘n knippie sout.**

Ons deel graag ‘n paar verspotte antwoorde wat in die vraelyste weggekruip het. Moet asseblief NIE hierdie raad volg NIE!

***Het jy enige raad om uitbranding te voorkom en te hanteer?***

| | | |
|---|---|---|
| Huil net. | Drink energiedrankies. | Nee |
| Drink ‘n *chill pill.* | Drank | Wat is uitbrand? |
| Drink koffie. | Moenie skoolgaan nie. | Skool is nie belangrik nie. |
| Moet net nie uitbrand nie. | Eet roomys. | Nee, maar as jy kry, laat weet my. |
| Eet jou stres op. Dit werk vir my. | Moenie leer nie, dan kan jy nie uitbrand nie. | Ek is maar net hier vir ‘n goeie tyd. |
| Terwyl jy uitbrand, kan jy maar netsowel malvalekkers oor die vuur braai. | Skryf ‘n lys van verskonings neer om te gebruik wanneer jy nie jou huiswerk gedoen het nie. | Verbrand jou boeke voordat hulle jou kan verbrand. |


**Bibliografie**

Guerra, J. (2019, Maart 5). 9 signs you’re being too hard on yourself. Retrieved from insider.com
Kates, D. (2015, Junie 3). Parental pressure may cause more harm than good. Retrieved from nationalpost.com.
Lim, S. (2020, Desember 17). Why Hard Work Is Not Enough: Stop Working Hard Blindly. Retrieved from stunningmotivation.com
KVC Kansas. (2020, November 10). How Does Academic Stress Affect Mental Health in the Age of Digital Learning. Retreived from KVC Kansas: University of the People. What Is Academic Burnout? Retrieved from University of the People.

# Ons wens … vir die Klofie-spens

**Lyné Steyn**

Die Klofie-spens is in 2016 deur juf. Johandri Kriek begin om behoeftige gesinne in die Klofie-familie te help. Die spens is totaal afhanklik van skenkings vanuit Kloof en daar word jaarliks verskeie geleenthede hiervoor geskep. Tans voorsien die spens niebederfbare kos aan 22 gesinne. Die ideale kospakkie vir 'n gesin van vier bestaan uit: pasta, rys, verskeie blikkieskos en speserye. Die ideaal sou wees om ook souse en smere, soos grondboontjiebotter, in te sluit, maar hierdie items word baie min geskenk. Interessante feit: sousboontjies is die item wat die meeste geskenk word! Die Klofie-spens sou kon doen met meer kosinsamelings regdeur die jaar. Die behoefte vir smere en souse is baie hoog. As jy dus enigsins kan help, gaan lewer gerus produkte by die spens af. Die spens is op die tweede verdieping, langs juf. Human se klas, geleë. Die grootste wens vir die spens is dat meer bederfbare produkte aan die gesinne verskaf kan word. Wie weet, dalk realiseer hierdie droom sommer vinnig, want die Kloof-hart is mos groot!



*Die Klofie-spens*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

## Met grysheid kom wysheid: Klofie-geskiedenis deur die oë van 'n primêre bron, juf. Ulinda Human



**Vivienne Pio**

Primêre bron: (s.nw.) 'n direkte bron van historiese inligting wat uit die betrokke periode dateer. Aangesien juf. Human deel van Kloof se tweede Druppel-groep in 1980 was en as 'n oud-Klofie en Tsepedi-onderwyseres in 1989 teruggekeer het, kan sy as 'n primêre bron in die Klofie-geskiedenis beskou word. Juf. Human bied in die volgende onderhoud haar eerste Klofie-geskiedenisles aan:

**Vir watter oud-Klofie-legendes het Juffrou skoolgehou?**
Riaan van Heerden (Jakaranda FM-omroeper), Melinda Bam (Mej. Suid-Afrika 2011), Marthinus Visser (CEO van *Outsurance*) en nog talle ander!

**Hoe het die afskaffing van apartheid die skool beïnvloed?**
Ons het op 'n stadium 'n wonderlike program gehad waar 60 agtergeblewe leerders deur ons vliegakademie opgelei is. Ses van hulle het vlieëniers geword. Ek was soos hulle ma omdat ek die Tsepedi-juffrou was.

**Is Juffrou vir enige van die tradisies by die skool verantwoordelik?**
Ek het die damesaand begin, want ek het gevoel die meisies wil darem nog een keer hulle rokke dra. Die aand is baie spesiaal, want dis asof net die meisies daardie aand weer matriekafskeid hou.

**Hoe het die area rondom die skool gelyk toe die skool sy deure geopen het?**
Die pad na die Spookhuis was nog nie geteer nie en tenks het nog op die ou militêre pad (Solomon Mahlangu) verby die skool gery.

**Juffrou was in 1984 een van die eerste hoofdogters. Hoe het die rol van hoofdogter verander?**
Ek dink die hoofdogter van vandag moet baie harder werk. Die hele Klofieraad werk harder. In my tyd het die onderwysers baie meer van die verantwoordelikhede, wat die leiers vandag moet doen, gedra.

**Was Juffrou daar toe die eerste gras op 9 Februarie 1980 geplant is?**
Ja, ek onthou dit nog baie goed. Ons moes gras uit ons eie erwe bring en ons het dit voor die hoofgebou, waar die boog nou staan, geplant. Ouers en onderwysers het ook help plant. Daar het groot Karob-bome gestaan. Ek was so kwaad die dag toe hulle daardie bome afkap. Ek het nog 'n stukkie van een van die bome huis toe gevat en ek het dit nog steeds.

**Het Juffrou enige staaltjies oor die personeel?**
Ja, baie! Hier rondom Valentynsdag het die onderwysers 'n tradisie gehad waar ons by mekaar "gespook" het. Elkeen het 'n naam getrek vir wie jy dan in die geheim 'n geskenkie moes koop. Mnr. Jakkals Raath, wat dit gereël het en dit by die personeel wou bemark, het 'n paar kinders gevra om met lakens oor hulle koppe in die personeelkamer in te stap en "whoo" te skree. Die reëling was dat wanneer hy sy kop knik, hulle moet inkom. Intussen is een van die personeellede se ma's oorlede en die hoof vra toe vir 'n oomblik van stilte. Al die personeel kyk toe af, wat die kinders toe as die teken verstaan het om in te kom. Hulle kom toe in en skree: "Whoo!". Een van die manspersoneellede haak toe af: "Sjoe, dit was vinnig." Ons het vir dae aaneen gelag.

**Vinnige feite:**

- Hoërskool Waterkloof het amptelik op 9 Januarie 1979 met 215 graad 8- en 9-leerders geopen.
- Riana Hattingh was die eerste amptelike Klofie wat ingeskryf is.
- Ilse Jellymen het as standerd 8 (graad10)-leerder vir die volgende twee jaar as Kloof se eerste hoofdogter gedien. Sy is deur Retha Badenhorst opgevolg, waarna juf. Human in 1984 gevolg het.
- Jurika Brand het in 1984 die naam "Druppels" vir die graad 8's voorgestel.



*Die hoofingang 1984*
*- Foto: Kloof-argiewe -*



*Juf. Ulinda se matriekafskeid 1984*
*- Foto: Kloof-argiewe -*



*Matriekafskeid 1984*
*- Foto: Kloof-argiewe -*







# Klofie-blokkiesraaisel: Wen R500!

Lyné Steyn en Juan de Wet

Stuur die antwoorde van die blokraai vir juf. Alma van der Walt op Teams voor Donderdag, 17 Maart om 12.00.
Die eerste leerder wat al die leidrade korrek het, wen R500!



**Af:**

1. **Voltooi die bekende frase: Almal wil 'n _ wees.**
2. **Volgens mnr. Maré se hutsmerke: wat kan pizza ook wees?**
4. **Voltooi die oop spasie: Daar is regdeur die jaar verskeie kompetisies waaraan die _ kan deelneem om hulle passie uit te leef.**
5. **Wie skryf die liefdesbriefies vir boetie in sy kosblik?**
9. **Wat is Mila se gunstelingspeelding?**
11. **Watter Afrika-taal het juf. Tanri de Witt op universiteitsvlak geneem?**
13. **Hoeveel jaar lank ken Udét en Joané mekaar al?**

**Dwars:**

**3. Watter organisasie was by die toppresteerdersnaweek betrokke?**
**6. Uit watter land kom die liedjie wat by die huldigingseremonie van mnr. Campbell, by die Dreyer Campbell-byeenkoms, gespeel is?**
**7. Wat is Waterkloof se onafhanklike faktor?**
**8. Wat is die o.14-krieketspan se suksesgeheim?**
**10. Waaroor gaan mnr. Van der Nest se beste grap? (Wenk: 'n _ by die nuwe praktyk.)**
**12. Voltooi die oop spasie: Wel, _ is die lewe. So _.**
**14. Wat sal juf. Rootman 'n element op die periodieke tabel noem as sy ooit die kans kry?**
**15. In watter maand verjaar Zeruja?**

# Silwerdoek-passie

Jy mag dalk gereeld by dié onderwysers klas kry, maar hoe goed ken jy hulle plesiertjies in die lewe? Probeer die volgende onderwysers by hulle gunstelingfilm pas.

(Die antwoorde is elders in hierdie uitgawe versteek.)

**Krige Steyn en Laureanne Geertsema**


1 Mnr. Ruan Grové


2 Juf. Heike Kotze


3 Juf. Hester van der Westhuizen


4 Juf. Lené du Randt


5 Mnr. Marthinus Stoop


6 Juf. Elizmari Rootman


7 Juf. Wilna Erasmus


8 Juf. Ulinda Human


9 Juf. Carla van Staden


10 Juf. Tanri de Witt



A



B



C



D



E



F



G



H



I




J

# Tong-in-die-Kies

Handro Myburg en Arnold Dippenaar



Net so vinnig soos wat die vakansie-*tans* verdwyn het, het die jaar begin. Moenie bekommerd wees oor jou verlore sonbruin nie; ons skop sommer met 'n pawiljoenopening af waar jy jou jaarlikse sonblootstelling kan kry. Die Klofies verwelkom, tydens hierdie geleentheid, ook vir Joshua na die Reën by Hoërskool Waterkloof. Alhoewel hy geen reën gebring het nie en sy naam nie regtig Joshua is nie, het die dames darem baie van hom gehou. Met die jaar aan die rol, het almal net een vraag op hulle lippe: "Het jy vir my 'n dagboek?"



Die nuwe jaar gaan ook gepaard met 'n seisoenale pes by Hoërskool Waterkloof: die Druppels. Die Druppels, wat veels te vinnig, volgens ons, hulle plek in die skool verdien het. Die Druppels wat soos elke jaar hulself doelloos en verlore op die stoepe rondsleep.

Dink jouself gou die volgende in: Jy sit en praat met jou vriend. Ewe skielik raak die klas stil. 'n Stem kom oor die interkom. 50 minuut lange periodes! 'n 10 minuut lange pouse! Laat uitkom! Dis glad nie die manier waarop enige iemand 'n kwartaal wil begin nie, maar gedurende hierdie moeilike tyd het ons een les geleer: aanhouer wen. Die volgende staking verloop beter; die beloning is twee dae van vroeg uitkom. Hou aan staak, Kloof!




Die volgende golf wat ons skool getref het, is WATER. Ja, Waterkloof het nie WATER gehad nie, amper so ironies soos ons wat nie 'n swembad het nie - met 'n A-bond-swemspan en WATER in ons naam. Toe die WATER uiteindelik herstel is, is ons met 'n vreemde T-virus in die WATER begroet ... of so hoor ons…



Die Klofieraad begin die jaar met 'n paar *rookie errors*. Hulle het nie heeltemal die memo oor kontantloos gekry nie. Dis moontlik die rede vir hulle trae kontantinsamelingspogings soos om goed tydens pouse in die middelgang te verkoop sonder om ons voor die tyd te sê. Ons het gedink die klank van 'n wekker wat sesuur in die oggend afgaan, is irriterend totdat ons die knaende pannekoekliedjie gehoor het.



Die maand van liefde het by Kloof gekom en gegaan. Kom ons kyk terug na die mees ikoniese paartjies van die maand. Mnr. Etienne en E-sport, mnr. Roos en *vapers*, en natuurlik Armand en die graad 10-meisies. Die liefde blom ook by ons jaarlikse liefdeskonsert. Slukjakkals het die vertoning gesteel. Hulle het die aandag so baie geniet dat hulle net nie kon ophou sing nie.



Waterkloof spog met baie bloed en fantastiese beligting in die TikTok-video's wat gevolg het. Daar is niks wat jou vir jou bloed bedank soos 'n *ringlight* nie. Die flouval was die moeite werd: die Wetenskapperiode is gemis.

Dis die nuus. Vang ons weer, volgende kwartaal, op dieselfde plek.


*Handro en Arnold*
*- Fotograaf: Vivienne Pio -*

# Paparazzi-pret


*Fotograwe: Vivienne Pio, Dane Bouwer, Marli Viljoen, Xavier Odendaal, Matthys Greef en Nikki Wehmeyer*

## Koekeloer hier! Klofie-kiekies sê meer as woorde…




















# Kloof o. 14-krieket kook

Niel Voges

Daar word altyd van 'n goeie oesjaar gepraat, maar dié jaar het Hoërskool Waterkloof beslis die room van 2008 se oesjaar gekry as dit by krieketspelers kom!

Kloof het lanklaas soveel entoesiastiese o. 14-krieketspelers gehad wat dit moontlik maak om nie net A- en B-spanne met reserwes te hê nie, maar 'n C-span met sy eie reserwes. Die wonderlike nuus is dat daar egter 'n baie sterk moontlikheid van 'n D-span is, wat in die derde kwartaal ook ingeskryf sal word om aan 'n liga deel te neem. Dit getuig dat die krieketkultuur by Hoërskool Waterkloof gesond is en vir elke krieketspeler 'n geleentheid bied om daarin te kan presteer.

Met die voorseisoen wat verby is, het die o. 14 A-span met 'n onoorwonne status geëindig. Nie net het hulle, hulle 50-beurt-liga gewen nie, maar hulle het ook skoonskip gemaak tydens hulle toer in Rustenburg waar daar ook teen o. 15-spelers gekompeteer is. Skole soos KES en Grey College moes ook die knie buig voor die jongste spelers van Kloof en as dit nie vir 'n reënbui was nie, was St Stithians volgende in hulle visier!



*Krieket o. 14-span en Grey College*
*- Foto verskaf -*

Toe daar vir mnr. Ruan Sadler gevra is wat die geheim van sy span se sukses is, was die antwoord eenvoudig: "SPANWERK!" Die groep seuns het van dag een af besluit dat as hulle as 'n span saamwerk, hulle hoër hoogtes sal bereik, eerder as wat elke man vir homself speel.

'n Merkwaardige feit van die groep o. 14-seuns van 2022 is dat 'n groot persentasie van hulle deel van die *Future* Klofie-krieketakademie was. By *Future* Klofies ontwikkel seuns nie net hulle talente en liefde vir die sport nie, maar kry hulle ook genoeg blootstelling aan puik afrigters, merkwaardige fasiliteite en oorgenoeg wedstrydondervinding. Die huidige standaard van o. 14-krieket by Waterkloof getuig hiervan.

Kloof o. 14-krieketspelers van 2022, ons sien uit na 'n toekoms propvol kokende Klofie-krieket!

# Broers op die baan

Juan de Wet

Kloof is baie bevoorreg om hierdie jaar nie net een gholfuitblinker te hê nie, maar twee. Nog beter is die feit dat hulle broers is.

Cilliers en Roelof Craig, onderskeidelik in graad 8 en 9, is albei gholfspelers by Hoërskool Waterkloof. As 'n mens hulle met 'n ander broerduo, wat ook gholf speel, moes vergelyk, sou dit sekerlik Rasmus en Nicolai Hojgaard wees, 'n tweeling uit Denemarke. Nes die Deense tweeling, wil albei broers ook professioneel gholf speel en dit hul loopbaan maak. Gholf is 'n baie goeie loopbaankeuse omdat die gemiddelde gholfspeler tot op 35 jaar goed presteer. Dit is drie jaar langer as die gemiddelde rugbyspeler. Nog beter is die feit dat jy gholf tot op jou oudag kan speel. Het jy al ooit jou oupa rugby of sokker sien speel?

Hoewel die twee broers saam 'n onoorwonne span vorm, verkies hulle dit om individueel te speel. Die redenasie daaragter is: as jy alleen speel, neem jy self verantwoordelikheid en kan niemand dit teen jou hou as jy sleg speel nie. Hulle het al verskeie prestasies in die afgelope paar jaar verwerf. Roelof het onder andere in die Johannesburg o. 15 Ope Glenvista in 2021 tweede gekom en Cilliers vierde. Die broers het ook in die 2022 Gauteng-Noord Cullinan-toernooi gespeel en Roelof het 'n 1ste plek en Cilliers 'n 4de plek verwerf. Dit klink goed en wel, totdat jy hoor dat hulle in die o. 19 afdeling gespeel het. Dit, is teen mense wat 'n goeie drie tot vyf jaar ouer as hulle is.

Ken jy meer van gholf as die Craig-broers? Dalk is jy net so slim soos hulle. Lê hierdie kort toetsie af en vergelyk jou punt met hulle s'n.

**Wie was die eerste man om gholf op die maan te speel?**

*Cilliers:* Neil Armstrong.

*Roelof:* Neil Diamond

**Antwoord:** Alan Bartlett Shepherd junior.

**Wat is die kanse vir die gemiddelde gholfspeler om 'n hole in one te speel?**

*Cilliers:* 0%.

*Roelof:* Een uit 'n honderd miljoen.

**Antwoord:** 1/12 500 (volgens GolfLink.)

**Totaal:**

*Cilliers:* 0/3

*Roelof:* 0/3

*Jy:* __/3



*Cilliers en Roelof Craig*
*- Foto verskaf -*

# Eerstes wen die Finsbury-reeks

Niel Voges




*Eerste krieketspan: Wenners van die Finsbury-reeks*
*- Fotograaf: Johan van der Vyver -*

Die eerste span van Hoërskool Waterkloof stap ook weg as die wenners van die Finsbury-liga. Hierdie span het Saterdag, op hul tuisveld, die Hoërskool Menlopark in die finaal van die reeks met 113 lopies geklop. Na die Klofies se besluit om eerste te kolf, het hulle 'n magtige totaal van 295/7 in hul 50 boulbeurte aangeteken. Daar is waardevolle bydraes tot hierdie totaal met die kolf gemaak deur: Marcus Bakker (74), Stefan Driemeyer (73), Christiaan Janse van Vuuren (49) en Christiaan du Toit (48). Corné Burger (2/57) en Steve Stolk (2/72) het vir die Parkies met die bal uitgestaan.

Daarna het Marcus Bakker (2/0), Tristan Luus (2/20) en Wian Ruthven (2/32) elk van twee van die Parkie-kolwers ontslae geraak. Dit het veroorsaak dat, ten spyte van Duan St Arnaud (83) en Steve Stolk (30) se bydrae met die kolf, Menlopark vir 182/10 in 37.4 boulbeurte beperk is. Hierdie boonste afdeling van die Finsbury-reeks het, buiten dié twee spanne in die eindstryd, uit die spanne van Centurion, Nelspruit, Rustenburg en Potchefstroom Volkskool bestaan.

# Die Dreyer Campbell-byeenkoms

Emma Lotriet

"Dreyer was 'n goeie mens met 'n groot hart en 'n wonderlike sin vir humor. Hy was nooit bang vir werk nie en sou enige iemand help indien hulle sou vra," vertel juf. Adri Campbell.

Die Dreyer Campbell-byeenkoms, voorheen bekend as die Waterkloof-Tuks Prestige byeenkoms, is 'n baie spesiale geleentheid vir Kloof. Dit word al sedert 2007 jaarliks aangebied. In 2019 is die naam na die Dreyer Campbell-byeenkoms verander, as eerbetoon aan mnr. Campbell wat as rugsteun vir die byeenkoms opgetree het.

Die eerste Dreyer Campbell-atletiekbyeenkoms het op Vrydag 5 Februarie 2019 plaasgevind en was 'n byeenkoms vol emosie, reën en natuurlik prestasie. Verskeie groot skole het daaraan deelgeneem, naamlik: Die Afrikaanse Hoër Seunskool, Die Afrikaanse Hoër Meisieskool, Hoërskool Nelspruit, Hoërskool Kemptonpark en Tuks Sportskool. Die dag se verrigtinge was opwindend met 'n spogtotaal van 45 byeenkomsrekords wat verbeter is. 13 atlete het spoggerige prestasies, met 'n waarde van meer as 'n duisend punte op die ABSA-tabel, behaal.

Tydens die huldigingseremonie aan die einde van die aand, was daar 'n pragoptrede deur twee doedelsakspelers ter ere aan mnr. Campbell. Te midde van die reën het die deuntjie van Skotland se volkslied (The flower of Scotland) deur die terrein weerklink. Onder die skadu van 'n geel sambreel, met 'n *moonboot* aan haar linkerbeen, het juf. Campbell en haar seun, Ian, namens mnr. Campbell 'n simboliese fakkel aan juf. Bonnie Joyce, die nuwe atletiekdirekteur, oorhandig. Dit was 'n baie spesiale oomblik vir die Campbells.

Mnr. Campbell was 'n atletiek-ikoon en het as Waterkloof se atletiekdirekteur, voorsitter van Hoërskool Waterkloof se atletiekklub en spiesgooi-afrigter van formaat (ASA vlak 3-afrigter) by Hoërskool Waterkloof en die Universiteit van Pretoria, opgetree. Sy atlete het ongelooflik goed presteer en sluit twee wêreldkampioene, vier Afrika-kampioene, twee Suidelike Afrika-kampioene en 15 SA-kampioene in. Die atlete spog met 'n totaal van 77 medaljes (internasionaal en nasionaal) waaronder 22 brons, 24 silwer en 31 goue medaljes. Mnr. Campbell het self ook aan 'n paar items deelgeneem, onder andere vir Hoërskool Monument se Sasolspan (waar hy die top-10 gehaal het). Hy het ook vir die Suid-Afrikaanse Weermag en Tuks spiesgegooi!

Die Dreyer Campbell-byeenkoms sal altyd die tuisbyeenkoms naaste aan die Klofies se harte bly!



*Flower of Scotland*
*- Fotograaf: Dane Bouwer -*



*Mnr. Dreyer Campbell – 'n legende op die atletiekveld.*
*- Foto verskaf -*

# Op jou merke, gereed, duik

Arnold Dippenaar

Op 15 Februarie wen Hoërskool Waterkloof die B-bond-sweminterhoër met 26 punte. Hierdie jaar was dit Waterkloof se beurt om as gasheer van die byeenkoms op te tree. Waterkloof se swemspan spog met uitmuntende uitslae; elke ouderdomsgroep het fantasties presteer. Die 40 A-span-swemleerders het almal gewys wat in hulle steek. Mnr. Denysschen het dit raakgesien en hulle met 'n welverdiende af dag beloon. Die o. 16-swemmers het as oorwinnaars uit die stryd getree en al hulle aflosse gewen.

Twee leerders wat hulle stemme by die interhoër dik gemaak het, is Carl Willemse (gr. 10) en Anika Weyers (gr. 12). Anika kwalifiseer vir vlak 3. Sy moes 'n tyd van 1 minuut en 30 sekondes met vlinderslag behaal om te kwalifiseer. Sy vermorsel dit met 'n tyd van 1 minuut en 16 sekondes. Dit kom nie sonder oefening nie… Anika het tydens die vakansie 26 uur per week geswem - soveel ure soos wat ons van Maandag tot Donderdag sal skoolgaan. Gelukkig pluk sy nou die vrugte van haar harde werk.

Carl presteer nie net by die sweminterhoër, waar hy 'n goue en 'n silwer medalje verower het nie, maar ook in uithouswem. Carl vergelyk uithouswem met landloop. "Jy moet met ritme swem en jy moet sekermaak dat jy binne die eerste kilometer voor die res van die swemmers kom." Hy voeg ook by dat jy sielkundig baie sterk moet wees vir uithouswem. Dit is nie sommer net 'n kwessie van omdraai as jy moeg word nie. Carl het dit ook duidelik gemaak dat dit nie sonder mnr. FJ Brand en sy span moontlik sou wees nie.

Mnr. FJ noem dat alhoewel ons hierdie jaar gewen het, die Klofies ongelukkig nie A-bond toe skuif nie. As gevolg van Covid, is daar besluit dat vanjaar 'n hersteljaar sal wees. Hy voeg ook 'n paar inspirerende woorde by: "Dit sal ons nie keer om die B-bond twee jaar in 'n ry te wen nie. Ek het baie hoop vir die toekoms en glo vas dat ons in die A-bond hoort en dat ons nie sal stop totdat ons daar uitkom nie."

Waterkloof se swemspan is so tuis in die swembad soos 'n vis in die water en reg om die beker volgende jaar weer huis toe te bring. Baie dankie aan die skool se swemafrigters, Charlene en Adrian De Souza, wat ure en ure se moeite aan ons swemmers afstaan. Ons is ook ongelooflik dankbaar vir Laerskool Monumentpark wat hulle swembad vir die Klofie-swemmers beskikbaar stel. Sit julle swembrille op, Kloof, want as ons volgende jaar weer wen, duik ons by die diepkant in.



*Christopher Chantler*
*- Foto: Marli Viljoen -*



*Carla Prinsloo*
*- Foto: Vivienne Pio -*



*Catherine Jones*
*- Foto: Marli Viljoen -*



*Swem*
*- Foto: Marli Viljoen -*



*Julia Volschenk*
*- Foto: Vivienne Pio -*

# Kloof-atletiek is aan die brand

Ané Hartzer

Hoogspring, spiesgooi, verspring en naellope … die opgewondenheid kon tasbaar deur elke atleet, met die aanvang van die atletiekseisoen, aangevoel word! Dit was 'n ongelooflike gevoel vir elke atleet om na byna twee jaar, weer te kon deelneem!

Op Vrydag, 21 Januarie 2022 het Kloof en Hoërskool Rustenburg atletiekskake op 'n vriendskaplike wyse uitgespook! Dit was die eerste byeenkoms van die jaar en is deur goeie mededinging op die veld en die baan gekenmerk. Ten spyte van die gebrek aan toeskouers, het die sportmangees geseëvier!

By die Ruimsig-byeenkoms het verskeie atlete meer as 800 punte op die ABSA-tabel losgeslaan: Anke Bornman, Heike de Klerk, Kayla Murray, Tiané de Wit, Riané van den Berg, Inke Dittmer, Nastasha Kempen, Mia van den Berg en Lika Booysen. Die seuns wat ook in dié kategorie val is: Cillié de Villiers, Dandré van den Berg, Sjaan Steyn, Happy Makate, Jason Houy, Jean van den Berg, Wesley Badenhorst, Dale Arlow en Quinton Janse van Nieuwenhuizen.

Kloof-atlete het waarlik grense verskuif nadat hulle die kwalifiserende vereistes behaal en deurgedring het om aan die D4-kampioenskap by Hoërskool Eldoraigne deel te neem. Dié atlete het met durf en daad deelgeneem en sewentien van ons atlete is in die Distrikspan opgeneem om aan die Gauteng-kampioenskap deel te neem.

Uiteindelik het die dag van die A-bond-interhoër, onder leiding van die kapteine, Euan Bouwer en Nadia Nel, by die Pilditch-stadion op 25 Februarie 2022, aangebreek. Die woorde: "Glo in jouself en jy sal jou doelwitte bereik," was baie atlete se motivering om hierdie dag ten volle te benut en te wys wat in elkeen steek. Kloof het plan gemaak om die lig op die horison te sien en het "die toeskouers" van vroeg af die atletiekbyeenkoms in die skoolsaal gevolg, waar dit regstreeks uitgesaai is. Dit het soms gevoel of 'n mens op die pawiljoen sit, met die applous en uitroepe as een van Kloof se atlete oor die wenstreep nael!

Paul van den Berg is met verspring in aksie gesien en Wesley Badenhorst het die diskus vir seuns o. 16 met sy afstand van 56.47 m gewen. Die hekkie-items was van hoogstaande gehalte en sal beslis volgende jaar 'n groot krag wees wat dopgehou moet word. Die seuns was die beste in die aflosspan-afdeling en het daarvoor die trofee ontvang. Kloof het 'n eerste plek in die aflosse, sowel as in die spronge behaal. Die Kloof-atlete het algeheel 'n tweede plek met die hekkies en die naellope behaal. Ons is waarlik trots op ons atlete!

Met die NWU Super-Interhoër het Kloof weer eens gewys dat ons 'n skool is om mee rekening te hou! Die graad 8's het die oog gevang met Chrystabel Davis wat goed in die 100 m gevaar het. Anke Bornman het baie goed na 'n terugslag herstel, terwyl Inke Dittmer verwagtinge oortref het. Danie Rhind het in die hoogspring uitgeblink. Ons verwelkom ook vir Sjaan Steyn, wat net 'n kort rukkie gelede by Kloof aangesluit het; moet hom nie uit die oog verloor met die seuns o.17-korthekkies, nie. Na 'n strawwe dag, met sterk kompetisie agter die rug, het Hoërskool Waterkloof derde op die telbord geëindig! Te danke aan die goeie aflosse was ons kop-aan-kop met Prestige College wat slegs met vier punte tweede geëindig het.

Atletiek is nie net hardloop oor 'n hekkie en diskus gooi nie, dit is baie meer. Dit bied atlete die geleentheid om karakter te bou en persoonlik te groei. En as jy nie 'n atleet is nie, bied elke byeenkoms die Klofie-toeskouers 'n geleentheid om betrokke te raak deur deel te word van die geesvang en sodoende die atlete te ondersteun.

Kloof se atletiek gaan in die toekoms nog hoër hoogtes, onder leiding van juf. Bonnie Joyce en haar bekwame afrigtingspan, bereik. Geluk, Kloof, met besondere atletiekprestasies!



*Reynard Goosen*
*- Foto: Erik Jacobs -*



*Tsidke Haasbroek*
*- Foto: Vivienne Pio -*



*Alwyn Marais*
*- Foto: Dane Bouwer -*



*Etienne van der Westhuizen*
*- Foto: Xavier Odendaal -*



*Nadia Nel*
*- Foto: Xavier Odendaal -*